Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 12 / no. 9
September 2003

‘n Caveat

Bostaande kom van ‘n Latynse spreuk **“***caveat emptor”* waarmee ‘n koper aangeraai word om op sy hoede te wees. Vandag gebeur daar genoeg in ons samelewing om gedurig in ons pasoppens te wees.

Die transformasieproses word nie alleen op politieke en ekonomiese gebied, waar dit dikwels ons beursie en bestaansekerheid raak, gevoel nie. Die gevolge van hierdie proses word ook sigbaar op ander gebiede waar staatsbeleid probeer om sosiale waardes en denke te transformeer. Een gebied wat ons wil uitsonder is dié van die onderwys.

Sedert 1997 het die onderwysbeleid ‘n grondige verandering ondergaan toe vakgerigte en vakinhoudelike onderwys vervang is deur uitkomsgebaseerde onderwys. Saam met die proses het leerplanne verander en is assessering van leerders ook gewysig. Ondanks besware vanuit die onderwys het die regering deurgedruk en is daar tans ‘n stelsel van krag wat nie noodwendig beter is nie.
Die nuutste wysiging wat die inhoudelike van die onderwys raak is die beplande vervanging van die senior/matriek sertifikaat deur ‘n “Voortgesette onderwys- en -opleidingsertifikaat” (VOO) wat na verwagting in 2008 geïmplementeer sal word. Gradering van die leerder se studieresultate sal volgens ‘n kodestelsel, wat van 1 tot 6 reik, plaasvind waar kode 1 die slegste prestasie en kode 6 die hoogste prestasie is. Die slaagvereiste om deur middel van ‘n VOO toegang tot hoër onderwys te kry is ‘n kode 2 (30% tot 39%) vir vier vakke en ‘n kode 3 (40% tot 49%) vir drie vakke. Hier kan nouliks sprake wees van ‘n kwaliteitsverbetering en sal sonder twyfel ook onderwys op tersiêre vlak beïnvloed.

‘n Groter bekommernis is die transformasie van die ideologiese onderbou van ons onderwys. Die onlangse publikasie van die ontwerpsbeleid op “Godsdiens en Opvoeding” het die tonge gaande gehad, en met reg. Die bedoeling is dat leerders begrip en verdraagsaamheid aangeleer word t.o.v. ander godsdienste soos die Islam, Judaïsme, Hindoeïsme, inheemse Afrika-godsdienste, e.d.m. Ons lees o.a. dat “konfessionele ... vorme van godsdiens onderwys op openbare skole nie geskik is vir ‘n religieus uiteenlopende en demokratiese samelewing nie (art. 22). Verder dat waardestelsels nie noodwendig uit ‘n godsdiens ontstaan nie (art. 30). Ten slotte dat die metode van godsdiensonderwys daarop gemik is om die leerder in staat te stel om vrye en ingeligte keuses te maak t.o.v. godsdiens in hul persoonlike lewe.

Bostaande bring ons in direkte konflik met wat die Bybel ons voorhou. Die Tien Gebooie was nie net vir Israel in die Ou Testament bedoel nie, maar geld vandag nog as grondslag vir norme in ‘n samelewing. Net so flikker die gevaarligte as die Here ons gebied om “... hierdie woorde ... jou kinders in te skerp en daaroor spreek ...” (Deut. 6) Wat kom daarvan as ons kinders die grootste gedeelte van die dag onder invloed van ‘n humanistiese en sekulêre skoolstelsel staan? Om nie eens van ons doopbelofte te praat nie! Rede genoeg om gereformeerde onderwys hoog op ons prioriteitslys te plaas!

AR

In Hierdie Uitgawe

Tema: Die Islam

- **Islam in Suid-Afrika 2**
- **Islam: heeltemal verkeerd of halfpad reg 3**
- **Allah en die drie-enige God 5**
- **Hoe gevaarlik is die Islam 7**
- Spanning in die Geref. Kerke (Vrijgemaakt) 10
- Tussen Barmen & Amsterdam 13
- Internet 15
- Donkerbos 17
- Geref. skool Bethal 18
- Moslemvrou en sluier 19

DIE ISLAM IN SUID-AFRIKA

Dr Arjan de Visser

TEMA: DIE ISLAM

Moslems is in Suid-Afrika ‘n klein minderheid van minder as 2% van die totale bevolking. Tog het die Islam baie invloed in die Suid-Afrikaanse samelewing omdat individuele Moslems belangrike poste beklee. Daar is bv. verskeie Moslems in president Mbeki se ministersgroep.

Volgens die sensus van 1996 was daar sowat 550 000 Moslems in Suid-Afrika. Die meeste van hulle is Kleurlinge of Indiërs. Onder die swartmense is hulle getalle nog klein – in 1996 omtrent 43 000 – maar dit is juis in hierdie bevolkingsgroep dat die Islam besig is om vinnig te groei. As daar vandag weer ‘n sensus gedoen sou word, sou die resultaat sonder twyfel aantoon dat die persentasie Moslems onder die swartmense drasties toegeneem het. In die ‘townships’ rondom Pretoria was Moslems nog altyd skaars, maar die laaste jare het dit begin verander. Daar is reeds verskeie moskeë gebou en daar is al hoe meer swartmense wat die Islam aanvaar as ‘n alternatief vir die Christendom.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Haakbergseweg 47
7161 BG Neede
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

IMMIGRASIE

Die Islam het in twee immigrasiegolwe na Suid-Afrika gekom. In die eerste fase, vanaf 1652 tot om en by 1750, was dit slawe, politieke gevangenes en kriminele wat vanaf Asië en Afrika hierheen gebring is. Daar was ook vrye Moslems, die sogenoemde ‘Mardyckers’ of Maleiers, wat van die Molukkeeilande gekom het en hulle aan die Kaap gevestig het.

Hoewel daar aanvanklik nie godsdiensvryheid was nie, het die Islam tog wortel geskiet omdat Moslemleiers hulle bes gedoen het om die Islam-geloof en -lewenstyl te institusionaliseer. Die eerste moskee in Suid-Afrika is in 1804 in Kaapstad geopen. Moslemgetalle het ook gegroei as gevolg van bekering, aanneming van kinders, die vrykoop van slawe deur vrye Moslems, en deur huwelike. Teen 1850 was daar sowat 8000 Moslems in die Kaap.

Die tweede fase van immigrasie van Moslems het begin na die afskaffing van die slawerny in 1838. Omdat daar ‘n behoefte aan werkers was, het die Britse goewerment Indiërs ingevoer om in die suikerriet-plantasies in Natal te werk. In die tweede helfte van die 19e eeu het sowat 176 000 Indiërs hierheen gekom. Die meeste van hulle was Hindoes, maar daar was ook ‘n beduidende deel wat die Islam-geloof aangehang het. Verder was daar ook ‘n hoër klas Indiërs wat self na Suid-Afrika gekom het, en hulle in Natal en Transvaal gevestig het. Hierdie mense het ontwikkel tot ‘n

welvarende middelklasgroep wat veral in die handel suksesvol was. Ook in hierdie geval het geestelike leiers baie gou op die toneel verskyn om die Islam in Natal en Transvaal te versterk. In 1884 is die eerste moskee in Durban geopen. Pretoria het so vroeg as 1887 reeds ‘n moskee gekry.

MOSKEË EN INSTITUTE

Vandag is daar in Suid-Afrika meer as 500 moskeë en oor die 400 Islam-opleidingsinstitute (private skole, kolleges, en so meer). Baie universiteite bied deesdae Islamstudies as ‘n deel van hulle kurrikulum aan. Op die terrein van die media is die Moslems ook aktief. Daar is verskeie Moslemradiostasies en -koerante. Opvallend is ook dat Moslems baie aktief is op die gebied van humanitêre hulp. As daar iewers in die wêreld ‘n groot ramp is, is die Moslems dikwels in die nuus omdat hulle van die eerstes is wat goedere en hulp na die betrokke gebiede stuur.

Moslems was ook negatief in die nuus, byvoorbeeld deur die aktiwiteite van PAGAD in die Kaap. Die meeste Suid-Afrikaanse Moslems distansieer hulle daarvan. Op die Islamitiese webwerf *IslamOnline.net* word PAGAD se aksies as ‘urban terrorism’ (stedelike terrorisme) beskryf.

Die Islam het, menslikerwys gesproke, ‘n blink toekoms in Suid-Afrika. Baie Moslems het tydens apartheids-era met die ANC saamgewerk, en dit het hulle die kans gegee om in die post-apartheid Suid-Afrika belangrike posisies te kry. Bowendien is die swart bevolking vir die Islam nog ‘n sendingterrein met baie moontlikhede. Dit is duidelik dat die swart bevolking van Suid-Afrika as ‘n strategiese teikengroep beskou word. As die swartmense in groot getalle tot Allah kan bekeer, sal Suid-Afrika op die ou end ‘n Islamitiese land word. Suraya Dadoo

skryf op die genoemde webwerf (vertaal): “Die Islam floreer in Suid-Afrika, *met baie inheemse Afrikane wat na die Islam oorgaan*. Dit weerspieël ‘n wêreldwye beweging van ‘n groeiende getal mense wat hulle tot die Islam bekeer.”

MOSLEMSTAAT

Wat Dadoo gesê het oor die wêreldwye groei van die Islam, is ‘n feit. Neem byvoorbeeld Engeland. Die Britse teoloog David Pawson het onlangs ‘n opskudding veroorsaak deur sy uitspraak dat Engeland op pad is om ‘n Moslemstaat te word. Dertig jaar gelede was daar slegs 5 000 Moslems in Engeland. Vandag is daar 2,1 miljoen. Dit is omtrent die getal Christene wat nog reëlmatig kerk toe gaan …!

Terwyl die kerke in Engeland aanhoudend lidmate verloor, groei die Islam baie vinnig. Die Anglikaanse kerk in Engeland verloor blykbaar elke week ‘n duisend lidmate en ook die Metodistiese kerk maak gereeld kerkgeboue toe. Maar die Moslems maak weekliks nuwe moskeë oop.

Waar laat dit ons as Christene in Suid-Afrika? Die toekomsperspektief is nie positief nie. Terwyl die kerke innerlik verswak en die eens Christelike samelewing besig is om al hoe meer sekulêr te word, is die Islam besig om stadig maar seker meer invloed te kry. Dit is moontlik dat ons kleinkinders of agterkleinkinders dit sal beleef dat die balans omswaai en dat Suid-Afrika ‘n Islamitiese land word.

Verootmoediging en gebed is nodig. Laat ons bid dat die Here die sekularisasie onder die tradisioneel Christelike gemeenskappe sal stop. Laat ons bid dat Hy die sendingwerk onder die swartmense – die groep wat veral deur die Islam geteiken word – sal seën.

Maar miskien wil die Here die Islam as ‘n loutering vir die kerk gebruik. As dit die geval is, en as die Islamisering van Suid-Afrika onstuitbaar is, dan mag ons tog vertrou dat die dae van die verdrukking ter wille van die uitverkorenes verkort sal word (Mat. 23:22). Die Here het ook belowe dat diegene wat ware gelowiges is, die toets sal deurstaan. “Wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.” (Mat. 23:13)

Vir meer inligting:

- *Die boek ‘Living Faiths in South Africa’ (ed. Martin Prozesky & John de Gruchy), uitgegee deur David Philip in 1995. In hoofstuk 8 word die Islam in Suid-Afrika bespreek.*
- *Op internet is daar baie inligting, onder andere by www.islamonline.net* ¤

DIE ISLAM: HEELTEMAL VERKEERD OF HALFPAD REG?

Dr Arjan de Visser

TEMA: DIE ISLAM

Sowat vyf jaar gelede het dr Willem Nicol ‘n artikel in Beeld geskryf waarin hy gepleit het dat Christene ‘n meer nederige houding teenoor die Islam moet inneem. Ons moet die Islam nie hoogmoedig veroordeel nie, het Nicol gesê, maar eerder aansluiting soek by die geloof wat die Moslems reeds het. Ons moet Allah ook nie as ‘n afgod sien nie. Allah is “as ‘t ware ‘n swak foto” van die ware God wat ons ken.

Dr Nicol se stuk het die nodige reaksie uitgelok. Tog lyk dit asof die antitetiese benadering teenoor die Islam wat voorheen in die Afrikaanse kerke algemeen was, tans vervang word deur ‘n meer sagte of simpatieke benadering. Die Islam is blykbaar nie meer heeltemal verkeerd nie, maar reeds halfpad reg.

Hoe moet ons die Islam beoordeel? Moet ons die Moslems as religieuse vyande sien, of was hulle al die tyd ons religieuse neefs en niggies?

As ‘n mens die kerkgeskiedenis daarop naspeur, blyk dit dat die beoordeling van die Islam heelwat verandering ondergaan het. Terwyl in vroeër eeue die oorheersende neiging was om baie negatief oor die Islam te wees, is later vraag gestel of ‘n mens tog nie meer versigtig moet wees met veroordeling nie. Is daar nie opvallende ooreenkomste tussen die Christendom en die Islam nie? ‘n Bekende gereformeerde teoloog wat met die vraagstuk geworstel het, was Herman Bavinck.

BAVINCK

In sy Gereformeerde Dogmatiek skryf Bavinck (vertaal) “dat godsdiensstigters soos Mohammed vroeër eenvoudig as bedrieërs, vyande van God en handlangers van die duiwel beskou is. Maar toe daar meer kennis van die godsdienste gekom het, het dit duidelik geword dat hierdie verklaring onhoudbaar is. Dit is strydig met sowel die geskiedenis as die psigologie. Volgens die Heilige Skrif is daar ook onder die heidene ‘n openbaring van God, ‘n verligting van die Logos, ‘n werking van die Gees van God.” (4de druk, deel 1, p. 290)

Bavinck verwys dan na Augustinus en Calvyn se geskrifte. Augustinus laat hom baie negatief oor die heidendom uit, maar sê tog ook dat hulle die waarheid in ‘n skaduagtige vorm gesien het. Calvyn het

gepraat van ‘n *semen religionis* (godsdienstige saad) wat in die mens aanwesig is, ‘n innerlike besef dat daar ‘n God is.

In dieselfde paragraaf skryf Bavinck dat godsdiensstigters soos Mohammed nie bedrieërs en instrumente van die satan was nie, maar eerder manne met ‘n religieuse aanleg wat in hulle omstandighede ‘n religieuse roeping vervul het en dikwels ‘n gunstige invloed op hul eie volk uitgeoefen het.

‘n Mens is geneig om te vra of Bavinck nie te naïef-positief oor die Islam oordeel nie. As ‘n mens kyk hoeveel lyding die kerk van Christus alreeds moes verduur vanweë vervolging deur die Islam, kan ‘n mens dan nog sê dat Mohammed nie ‘n instrument in die hande van die satan is nie? Dit is nie om dowe neute dat die Islam “die gesel van die Christendom” genoem word nie!

Ons moet darem byvoeg dat Bavinck hom op ander plekke meer negatief oor die Islam uitgelaat het. In sy boek *Magnalia Dei* beskryf hy die godsdiensstigters soos Mohammed wel weer as hoogstaande manne wat die godsdiens van hul eie tyd uit sedelike verval wou verhef. Maar dan gaan hy soos volg voort (vertaal): “Tog verskil al hierdie hervormings nie wesentlik van die afgodery van die volke nie. Die verskil is slegs gradueel. Hulle het die wilde takke van die valse godsdiens afgekap, maar hulle het nie die wortel daarvan uitgeroei nie.” (p. 49)

Oor Mohammed skryf Bavinck dan die volgende: “En Mohammed, wat kennis gehad het van die Joodse geloof en die Christendom, was vas oortuig dat ‘n naderende gerig sy materialisties-gesinde tydgenote sou tref. Hy het tot die belydenis van een enkele God gekom en hy het sekerlik ‘n godsdienstige en sedelike hervorming tot stand gebring. Maar in sy persoonlike lewe het die godsdiensprediker al hoe meer agter die staatsman en wetgewer verdwyn. En in die godsdiens wat hy gestig het, is die verhouding tussen mens en God een van slaafse onderwerping aan ‘n almagtige God wat met willekeur optree. Van gemeenskap tussen God en mens is daar in hierdie godsdiens nie sprake nie, omdat sowel die oorsaak van die skeiding as die weg van versoening nie verstaan word nie. Die hemelse saligheid word voorgestel as ‘n situasie waar sinlike luste ten volle bevredig word.”

Tereg onderskei Bavinck verskillende fases in die lewe van Mohammed. Dit is duidelik dat Mohammed aanvanklik ‘n egte “Godsoeker” (*hanief*)

was. In Mekka het hy gesien hoe die politeïsme met sosiale onreg gepaard gaan. Hy het gesoek na ‘n God wat aan weduwees en wese reg verskaf. Mohammed het verwag dat die Jode in Medina hom met oop arms sou ontvang. Hy het immers die verering van hulle God gesoek? Toe die Jode hom egter nie as ‘n ware profeet ontvang het nie, het daar verwydering gekom. Mohammed het sy eie pad begin stap en ‘n eie godsbeeld begin ontwikkel. Bybelse gegewens het hy in sy eie sisteem ingepas. Die man wat as ‘n Godsoeker begin het, het ‘n valse profeet geword.

DIALOOG?

In die ontmoeting met die Islam is daar rofweg drie benaderings. Die eerste benadering sê dat Jesus Christus die enigste Weg is wat tot die lewe lei. Die Islam word as ‘n dwaalweg gesien. Moslems moet derhalwe opgeroep word om hulle te bekeer. In die Islam is die saligheid nie te vinde nie. Die saligheid word uitsluitlik in Jesus Christus gevind. Hierdie benadering vind ons in die reformatoriese belydenisskrifte.

Die tweede benadering sien die Islam as ‘n godsdiens wat ‘strale van die waarheid’ besit. Volgens hierdie benadering moet ‘n mens die waarheidselemente wat daar in die Islam is, erken en daarop voortbou. Ook die Islam soek verlossing uit die ellende van hierdie wêreld. Egter, die *volheid* van die waarheid in Jesus Christus. Die saligheid lê by niemand anders as by Hom nie.

Die derde benadering is die sogenaamde dialoog-benadering wat stel dat ons die Islam as ‘n gelykwaardige godsdiens moet beskou en as sodanig met hulle in gesprek moet tree. Volgens hierdie benadering is daar geen godsdiens wat die waarheid volmaak besit nie. Enige godsdiens is waardevol solank dit opreg na liefde, waarheid en die lewe soek.

In ons tyd het die derde benadering baie aanhangers. Dialoog is ‘n populêre begrip. Dit is egter nie ‘n Bybelse begrip nie. In die Bybel vind ons wel die woord *dialogiseer* (Hand. 17:2,17) wat beteken: om ‘n gesprek te voer. As ‘n mens egter die konteks lees, blyk dit dat dit nie ‘n vryblywende gesprek was nie. As Paulus met die Grieke dialogiseer, loop dit daarop uit dat hy sy hoorders oproep om hulle te bekeer en in Jesus Christus te glo. Paulus se dialoog was dus nie ‘n gewone gesprek nie. ‘n Mens sal dit eerder ‘n leergesprek of selfs ‘n preek noem.

Hoekom gebruik Lukas dan die woord ‘dialogiseer’ vir hierdie gesprek en nie ander woorde wat hy gewoonlik vir ‘preek’ gebruik het nie? Uit die konteks blyk dat Lukas wou duidelik maak dat Paulus geleentheid gegee het vir vrae en teëwerpings. Paulus het moeite

gedoen om die denke van die heidene te verstaan en om dit so relevant as moontlik aan te spreek. Die gesprek wat hy met hulle gevoer het, was egter geensins vryblywend nie. Dit was prediking met 'n oproep tot bekering. Daarom moet op Skriftuurlike gronde die dialoog-benadering afgewys word.

WAARHEIDSELEMENTE

Die tweede benadering, wat die Islam sien as 'n godsdiens wat sekere waarheidselemente bevat waarby 'n mens kan aansluit, lyk asof dit meer toepaslik is. In die Koran is daar immers name, begrippe en uitsprake wat uit die Bybel geneem is. Egter, ons moet nie vergeet dat hierdie Bybels klinkende uitsprake binne 'n onskriftuurlike konteks funksioneer nie.

Een van die mees fundamentele dwalings van die Islam is dat Jesus Christus nie as die Seun van God erken word nie. Daarom kan 'n mens die verskil tussen Christendom en Islam nie met die terme 'meer en minder suiwer' weergee nie. Om te sê dat die Islam 'n minder suiwere godsdiens is en die Christendom die mees suiwere, is nie die oplossing nie. *Die kern van die saak is dat in die Islam die waarheid nie gevind word nie.* Die Waarheid is slegs in die Here Jesus Christus, wat Homself as die Weg, die Waarheid en die Lewe aangewys het. Ook teenoor die Islam moet ons vashou aan die woorde van Handelinge 4:12 "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."

By die skryf van hierdie artikel is – met toestemming van drs. LW de Graaff gebruik gemaak van sy nuwe boek: Islam in het kort – enkele actuele thema's uit de wereld van de islam. Drs. De Graaff is predikant van die Geref. Kerk te Hattem, Nederland. Hy het verskeie boeke en artikels oor die die Islam gepubliseer. ¤

TEENOOR DIE ISLAM BELY ONS DIE DRIE-ENIGE GOD

Ds C. Kleijn

TEMA: DIE ISLAM

Die Moslems verwerp net soos Christene 'n veelgodedom. Hulle lê baie klem op die feit dat daar maar een God (Allah) is. Die eerste deel van hul belydenis: "Daar is geen god, behalwe God (Allah) nie," is 'n Arabiese vertaling van Deut 6:4. In die Koran vind 'n mens ook allerlei name, begrippe en uitsprake wat ons ook in die Bybel vind. Die Koran praat van God die skepper van hemel en aarde, God wat as regter optree, God wat die sonde toereken of vergeef. Wat is dan die verskil tussen die Islam en die Christendom? Kom ons kyk na sekere sentrale temas.

ALLAH DIE ONTOEGANKLIKE GOD

Die Koran benadruk Allah se skeppende krag. Dit leer dat nie net die goeie nie, maar ook die kwaad, ook die slegte dade van mense, deur Allah geskep is. Allah laat dwaal wie hy wil en plaas op die regte pad wie hy wil. Daarin handel hy na eie goeddunke. Allah sal eendag oor jou dade oordeel. As 'n ontoeganklike, onbewoë regter. Hier lê die groot verskil tussen Allah en ons God. Op geen enkele plek noem die Koran Allah Vader nie. Die verhouding met Allah word ook nooit omskryf as 'n persoonlike verhouding van liefde nie. Die verhouding tussen Allah en sy volgelinge is eerder die van heer teenoor sy slaaf. Om Moslem te wees is 'n kwessie van onderwerping. Die woord Islam beteken dan ook onderwerping.

Allah se almag word benadruk. Die almag is iets wat 'n mens met angs en vrees vervul. Volgens die Islam is dit absoluut onmoontlik dat God ons sou verhoor of dat God na ons hulpgeroep sou luister. Allah is ontoeganklik, ondeurgrondelik. Hy laat nie sy hart sien nie. Daarom maak die gelykenis van die verlore seun groot indruk op Moslems wat hulle tot die Christelike geloof bekeer. Hulle kan eers nie verstaan hoe dit moontlik is dat 'n vader onvoorwaardelik sy arms uitstrek na 'n kind wat hom so in sy eer aangetas het nie. Dat God so 'n hemelse Vader vir die gelowiges kan wees is vir hulle 'n openbaring.

DIE VERGEWING VAN SONDES

Die Koran ken geen erfsonde waarmee alle mense gebore is nie. Elke sonde staan op homself. Dit blyk ook uit die sonde van Adam. Volgens die Islam het Adam se sonde geen diepgaande gevolge vir ander gehad nie. Die mens is nog steeds in staat om met die regte leiding van God op die regte pad te bly.

Om die vergewing van sondes te kan ontvang, moet aan seker voorwaardes voldoen word. Daarvoor moet jy die pligte van die Islam (waaronder die rituele gebede, vas en die gee van aalmoese) nakom.

'n Tweede komponent van die vergewing is dat dit aan Allah se geregtigheid ondergeskik is. Volgens die geregtigheid beloon Allah die goeies en straf hy die boses. In sy regverdigheid weet net Allah wie werklik vroom is en wie genoeg goeie werke gedoen het om in die paradys te kom. Op grond van sy kennis sal hy 'n regverdige loon gee en al of nie toegang tot die paradys verleen. Ongelowiges en mense met te min verdienste word aan die hel oorgegee.

'n Derde komponent van die vergewing is dat dit aan die almag en wil van Allah onderworpe is. Dit bly die belangrikste en beslissende faktor. Niemand het egter insig in Allah se almag en wil nie, selfs nie die profeet Mohammed nie. Dit maak die vergewing baie onseker.

Oor die samehang van vergewing en liefde praat die Koran nie, behalwe dat God die ongelowiges nie liefhet nie. Die verkondiging van Paulus “maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Rom 5:8) ontbreek volkome.

VERSOENING

Bo alle ander geloofsuitsprake van die Moslems staan die leer van die absolute eenheid en almag van God. Dit sluit die moontlikheid uit dat Christus middelaar sou wees en in ons plek sou intree. Die Koran leer wel dat die sondaars voor God nie kan bestaan nie, maar die Koran praat nie van die blye boodskap van Christus wat sonde vir ons gemaak is, sodat ons geregtigheid van God in Hom (2 Kor. 5:21) kan word nie. Die Islam kan vir die God van Jesus Christus geen begrip opbring nie, omdat die versoening aan die kruis en die plaasbekleding vir hom vreemd gebly het.

Fundamenteel in die Skrif is dat die versoening oftewel. genoegdoening volledig deur God se liefde bewerkstellig is, sonder toedoen van mense (Rom. 5:6-10). Ons mense kon dit nie doen nie, aangesien ons van nature goddeloos en vyande van God is. Die versoening het geskied deur die offer en bloed van Christus, sonder enige prestasie van ons kant. God handel hier in Christus. Christus is die Middelaar. Dit word ook benadruk in 2 Kor 5:17-19. Daar is die swaartepunt: wie in Christus is, is ’n nuwe skepping, aangesien God in Christus die wêreld met Homself versoen het.

JESUS

Elke Moslem weet dat Jesus (wat in die Koran Isa genoem word) uit die maagd Maria gebore is. Die geboorte van Jesus word met die skepping van Adam vergelyk. Beide Adam en Jesus het regstreeks ontstaan deur ’n magswoord van die Skepper.

Die maagdelike geboorte is in die Koran egter geen aanwysing vir die menswording van die Seun van God nie. Die Moslems beskou dit as godslasterlik om Jesus die Seun van God te noem. Dit sou volgens hulle impliseer dat God ’n huwelik aangegaan het. Hulle dink dan ook foutief dat ons leer van die drie-eenheid wys op Vader, Maria en Jesus. Maria sou God se eggenote wees deur wie God Jesus ontvang het.

Omdat die Islam ontken dat Jesus die Seun van God is, ontken hulle ook dat Christus self God is. Jesus word in die Koran beskou as ’n dienaar van God, ’n profeet wat opgetree het om die mense tot die ware godsdiens op te roep. Hy sou ’n besondere skakel wees in die lang ry profete van Adam tot Mohammed, wat die seël van die profesie genoem word.

Die Here Jesus het eens gevra: “Wie sê julle is Ek?” Die Moslem bely: “U is een van die groot profete.” “Nee,” bely Petrus en elkeen aan wie God die waarheid geopenbaar het, “U is die Christus, die Seun van die lewende God.” Die Moslems ken nie die goeie nuus van vergewing van sondes en ewige redding deur die geloof in Jesus Christus nie. Mohammed het sy volgelinge sonder Verlosser gelaat. Geen enkele godsdiens gee Jesus so ’n groot plek as die Islam nie. Maar daar is ook geen enkele godsdiens wat so duidelik en beslis die soenoffer van Christus verwerp nie. Dis die groot kloof tussen Christendom en Islam, tussen Christene en Moslems.

KINDERS VAN DIE SLAVIN

In Galasiërs 4:20-31 kontrasteer Paulus die twee seuns van Abraham. Ismael was die seun van die slavin Hagar en Isak die seun van die vrye Sara. Hierdie twee vroue met hul kinders word sinnebeelde van twee verbonde genoem. Hagar met haar kinders wys op die mense (in daardie tyd die Judaïste) wat deur goeie werke hul posisie as kinders van God wil verwerf, mense wat op die vlees vertrou. Hulle is slawe net soos Hagar. Sara met haar kinders wys op die kerk wat in Christus vrygemaak is, wat uit genade lewe.

In die Islam speel Abraham ’n baie belangrike rol. Terwyl die Skrif egter van die verbond van God met Abraham, Isak en Jakob praat, praat die Koran van die verbond van Allah met Abraham, Ismael, Isak en Jakob. Die seun van die slavin wat God weggestuur het, word hier ingevoeg in die ry van die aartsvaders. Ismael, en so ook sy afstammelinge, die Arabiere, word bo Isak geplaas. So word Abraham van Israel en die Christene weggeneem en volkome vir die Islam opgeëis.

Is dit nie baie verdrietig dat die Moslems wat ten dele oorspronklik nakomelinge van die slavin Hagar was, nou ook geestelik hulle as kinders van die slavin gedra nie? Hulle kies teen Jesus Christus, die seun van Abraham, Isak en Jakob. Jesus Christus wat werklik vry maak en verlos. Daardeur is hulle soos slawe wat die juk van hul verlossing self moet dra.



ONS DRIE-ENIGE GOD

'n Mens kan 'n vergelyking maak tussen die God van die Bybel en die god van die Koran. Daar is baie ooreenkomste in Bybelse begrippe. Tog is die eienskappe en wese van die god van die Koran radikaal anders as die van die God van die Bybel. Allah is nie die God wat Hom in die Skrifte as die Drie-enige bekend gemaak het nie. Die Moslems verwerp juis die een God wat in drie Persone onderskei kan word. Daarmee verwerp hulle hul verlossing. Juis in Christus leer ons God se liefde tot ons verlossing ken (Joh. 3:16). God het immers sy Seun oorgegee om verlorenes te red. Hy gee ook sy Gees om die verlossing in ons lewe waar te maak.

Die Koran benadruk Allah se mag as skepper en regter. Maar die verlossing en die heiligmaking? Dit lê op die skouers van die mens. Wat 'n verskriklike armoede! Jy kan nooit seker van jou verlossing wees nie. Jy moet maar sorg dat jy Allah se eise vervul. En jy moet maar wag om te sien of Allah werklik tevrede is met wat jy gedoen het.

Ons is so ryk met ons drie-enige God. In die drie Persone word nie net my skepping nie, maar ook my verlossing en heiligmaking gewaarborg. In Hom ontvang ek die ware, volle lewe. Ewige sekerhede. Die God van my skepping is ook die God van my verlossing en die God van my heiligmaking. Hy is die God wat die redding van verlore sondaars soek en bewerk. In Hom is alles gereed en seker.

'n Moslem wat God so as die drie-enige God leer ken, mag ervaar hoe die geloof 'n bevryding is. Die drie-enige God is nie 'n ontoeganklike god wat net onderwerping eis nie. Hy is die nabye Verbondsgod wat altyd aktief aanwesig is tot redding van sy kinders. Iemand het gesê: hierdie belydenis is soos 'n warm kaggel wat in die koue en eensaamheid van ons lewe, oral en na alle kante warmte uitstraal. ¤

Hoe gevaarlik is die Islam?

Dr. AJ de Visser

TEMA: DIE ISLAM

Op 11 September 2001 is die wêreld geskud deur die aanslae op die Twin Towers in New York. Na die tyd het die Amerikaanse regering oorlog verklaar aan "internasionale terrorisme", maar tegelyk moeite gedoen om nie die Islam as sodanig te impliseer nie. "Ons baklei nie teen die Moslems nie, maar teen 'n groep terroriste", het president Bush gesê. "Die Islam is 'n vredeliewende godsdiens", het Moslem-leiers ons probeer gerusstel.

Tog bly daar 'n ongemaklike gevoel. As nie alle Moslems terroriste is nie, hoekom was die betrokke terroriste dan almal Moslems? Kon die terroriste ook Hindoes of Boeddhiste gewees het, of het hulle dade tog iets te doen met die feit dat hulle Moslems was? Is dit maar net 'n ekstremistiese groepie wie se dade 'n mens nie op die rekening van die Islam as geheel mag skryf nie? Of is daar dalk in die Islam tog iets wat aanleiding gee tot hierdie tipe militante optrede?

Dit is nie maklik om die Islam te beoordeel nie, en dit help ook nie om met karikature te werk nie. Dit is nie so dat elke Moslem 'n potensiële terroris is nie. En ook nie dat elke tweede Moslem 'n vroueslaner is nie. Nie alle Moslems is ekstremiste wat deur 'n intense haat teen die Christendom gedryf word nie.

BEDREIGING

Tog moet ons stel dat die Islam beslis 'n bedreiging vir die Christendom is. Die Islam is eerstens 'n geestelike bedreiging omdat dit 'n missionêre godsdiens is. Moslems het 'n sendingywer. Dit is hulle opdrag om ander mense op te roep om hulle tot Allah te bekeer. En as hulle die oorhand kry, is die gevaar groot dat hulle dwangmaatreëls gebruik om hulle godsdiens se belange te bevorder.

Dit hang saam met 'n belangrike kenmerk van die Islam: Die Islam ken nie 'n skeiding van kerk en staat nie. Die hele lewe, ook die owerheid, moet deur die godsdiens beheers word. As die Islam die oorhand in 'n land kry, is die gevolg dikwels dat die sogenaamde 'sjaria'-wette ingevoer word (soos byvoorbeeld onlangs in dele van Nigerië gebeur het).

In die tweede plek is dit tog so dat die Islam 'n aggressiewe streep in hom het. Die meeste Moslems is sonder twyfel vredeliewende mense, maar daar is ook strydlustiges onder hulle. In die Islam is daar baie verskillende strominge, van gematig tot ekstreem, van vredeliewend tot militant.

Enigiemand wat onlangs die TV-beelde gesien van die Indonesiër Amrozi wat meer as tweehonderd mense se dood veroorsaak het met 'n bomaanslag op Bali, sal verstaan wat met ekstremisme bedoel word. Toe die doodvonnis oor hom uitgespreek is, het "the smiling bomber" triomfantelik omgedraai en met 'n breë glimlag sy duim opgesteek na sy advokate. Dit was duidelik dat hierdie man hoegenaamd geen berou oor sy dade het nie. Hy het dit alles vir Allah gedoen.

EKSTREMISME

Die groot vraag is nou: Is hierdie ekstremisme in lyn met die beginsels van die Islam? Of beweeg dit buite die grense van die Islam-teologie? Die probleem is dat die Koran verskillende denkrigtings toelaat. Die Koran bevat vredeliewende maar ook militante uitsprake. Daar is vredeliewende woorde in die Koran, byvoorbeeld die dikwels aangehaalde uitspraak: "Laat daar geen dwang in die godsdiens wees nie" (Soera 2:256). Die Koran sê ook dat 'die gelowiges' (d.w.s. Moslems) sal agterkom dat Christene hulle dikwels goedgesind is.

Maar daar is ook verse wat 'n meer militante houding weerspieël. In Soera 9:5 is daar 'n oproep om nie-Moslems dood te maak: "Maak hulle dood waar julle hulle aantref …" En in Soera 9:29 staan daar: "Bestry diegene wat nie in Allah en in die Laaste Dag glo nie, en wat nie as verbode beskou wat Allah en sy Profeet as verbode gestel het nie."

Radikale Islam-teoloë redeneer dat laasgenoemde verse van 'n later datum as eersgenoemde is en dus eersgenoemdes vervang. Dit sou dan beteken dat die Koran die militante benadering sanksioneer.

Behalwe die feit dat die Koran as militant geïnterpreteer *kan* word, moet ons ook besef dat die Koran nie die enigste bron vir die Islamitiese geloof nie. Naas die Koran is daar ook die *Hadith*. Dit is die geïnspireerde verslag van die woorde en dade van Mohammed wat 'n hoë aansien geniet by Moslems. Verder gebruik Moslem-teoloë ook geskrifte uit die Islamitiese tradisie om standpunte te bepaal.

Bowendien is daar nog die stroom Islamitiese geskrifte wat oor die jare verskyn het. 'n Rigting wat in die 20ste eeu sterk geword het, is die Islam-fundamentalisme. Dit is basies 'n reaksie-beweging teen (Westerse) sekularisasie wat die oplossing soek by 'n terugkeer na die 'fundamentele' beginsels van die Islam. Dit militantes is waarskynlik slegs 'n klein groep onder die fundamentaliste, maar dit lyk of hulle sterker word.

Die Islam-ekstremisme het sy eie leiers en sy eie geskrifte. 'n Bekende skrywer is die Egiptenaar Syed Quth wat in totaal 24 boeke geskryf het. Hy is in 1966 in sy eie land tereggestel maar het daarna martelaar-status by sy volgelinge gekry. Militante Moslems gebruik nie alleen die Koran as rigsnoer nie, maar ook die boeke van 'heilige manne' soos Syed Quth.

JIHAD

Daar is baie vrae oor die begrip 'jihad'. 'Jihad' staan algemeen bekend as 'heilige oorlog'. Gematigde Moslems sê dat die woord iets anders beteken, naamlik om die saak van Allah te bevorder deur persoonlike toewyding aan hom. Dit mag dalk die letterlike vertaling wees, maar dit is veelseggend dat die woord 'jihad' gewoonlik in die konteks van die stryd teen nie-Moslems gebruik word. Daar moet stryd gevoer word teen heidene, Jode en Christene. Die wat nie wil bekeer nie, mag bly lewe, maar hulle moet 'n spesiale belasting betaal.

Islamitiese geskrifte verwys dikwels na die heilige oorlog. In die Koran lees ons dat diegene wat in die heilige oorlog sneuwel die hoogste beloning sal ontvang: "Moenie dink dat diegene wat op Allah se weg gedood word, regtig dood is nie. Nee, hulle lewe in die teenwoordigheid van hul Heer." (3:169) En 'n ander vers: "Hy wat op die weg van Allah stry en dan gedood word of oorwin, sal 'n ontsaglike loon ontvang." (4:74)

Dit beteken egter nie dat mense gewoonlik met die swaard tot die Islam bekeer word nie. In Westerse lande, insluitende Suid-Afrika, het die Islam intussen miljoene aanhangers gekry, sonder dat mense gedwing is om Moslem te word. Volgens Islamitiese voorskrifte mag die 'mense van die Boek' (Jode en Christene) nie gedwing word om Moslem te word nie. In Islamitiese state sal hulle egter tweederangse burgers wees.

VERBOD

Is daar vryheid van godsdiens onder die Islam? Tot 'n mate, ja. Jode en Christene sal oor die algemeen nie gedwing word om hulle godsdiens prys te gee en Moslems te word nie. Aan die ander kant is dit so dat Christelike sending in die meeste Islamitiese lande verbied word.

Bowendien is 'n Moslem nie vry om Islam vaarwel te sê en na 'n ander godsdiens oor te gaan nie. Dit kan selfs lewensgevaarlik wees. Een van die mees gerespekteerde Islam-leiers van die laaste eeu, die Pakistanse teoloog Maududi, het gesê dat sowel die Koran as die Hadith die doodstraf eis vir iemand wat afvallig word. Die Koran sê: "Sal julle dan nie stry teen diegene wat hul ede verbreek het nie?" (9:13) En die Hadith word soos volg aangehaal: "Enigiemand, 'n gelowige (Moslem), wat sy godsdiens verlaat, moet doodgemaak word."

As konklusie kan ons vasstel dat die Moslems nie almal militante ekstremiste is nie. Maar dit is duidelik dat die Islam as sodanig wel die saad van aggressie in homself ronddra. Diegene wat ekstremiste is, kan hulle beroep op uitsprake in die Koran en in talle heilige geskrifte en boeke van Moslem-leiers.

TERRORISME

In die lig hiervan kan met reg die vraag gevra word of die Weste op 'n goeie manier gereageer het toe hulle oorlog verklaar het aan ekstremiste soos Osama bin Laden maar stelselmatig vermy het om na die Islam as sodanig vinger te wys. Politieke leiers het gepraat van 'internasionale terrorisme' maar dit was nie polities korrek om van 'Islamitiese terrorisme' te praat nie. Die VSA het met mag en mening in Afghanistan ingeklim om die Al Qaida-beweging te probeer uitskakel. Die wortel van die probleem, naamlik die feit dat daar 'n ingebore veroweringsdrang in die Islam sit, is egter nie aangespreek nie.

Mohammed het sy volgelinge geleer dat alle godsdienste voor hom, insluitend die Jodedom en die Christendom, in hulle tyd goed was, maar dat die Islam die finale en universele godsdiens is. Moslems glo stellig dat eens die hele mensdom die Islam sal omhels, Allah sal aanbid, en Mohammed as profeet sal erken.

Vandag het reeds meer as veertig lande 'n Moslem-meerderheid. Moslemleiers het gesê dat dit hulle doel is om die Islam in die Weste te versprei sodat die Islam eendag die dominerende krag in die wêreld kan word. 'n Bekende uitspraak sê: "Die Christendom is gerig op die *bekering* van die wêreld. Die Islam is gerig op die *verowering* van die wêreld." Dit is 'n treffende verskil.

DAR AL-HARB

Die bekende Nederlandse sending-wetenskaplike prof. Jan Jongeneel het die aandag daarop gevestig dat Islamitiese geleerdes die wêreld in twee dele verdeel: Aan die een kant is daar die *dar al-islam*, die grond-gebied van die Islam. Aan die ander kant is daar die *dar al-harb*, die grondgebied van die stryd. Volgens Islamitiese teologie is die *dar al-harb* al die lande waar die Islam nog in 'n stryd gewikkel is om beheer oor te neem. Hierdie stryd is veral 'n geestelike stryd, maar dit kan soms ook die vorm van 'n gewapende stryd aanneem.

As 'n mens tans die gebeure in die wêreld bekyk, kan 'n mens die frontlyne duidelik sien: In Afrika is dit Nigerië en Soedan, in Europa is dit Kosovo en Tsjetsjnië, in Asië is dit Indonesië en die Filippyne. Prof. Jongeneel meen dat ons sake duidelik moet stel: Of ons dit wil erken of nie, ons is in 'n stryd met *Islamitiese Imperialisme* gewikkel.

Prof. Jongeneel is nie gelukkig met die Weste se reaksie op die 11 September aanslae nie. Die VSA se oorloggie in Afghanistan beteken nie veel nie en doen waar-skynlik meer skade as goed. Die

werklike front lê in die Westerse lande self (die *dar al-harb*, die grondgebied van die stryd), maar die Weste besef dit nie. Moslems mag in Westerse lande vrylik hul godsdiens beoefen en hulle begin-sels uitdra, terwyl in Islamitiese lande (die *dar al-islam*) dieselfde voorregte nie aan Christene gegun word nie.

Jongeneel stel voor dat Westerse politici ernstig na hierdie saak moet kyk en dat daar 'n koppeling gemaak moet word tussen die regte en vryhede van Christene in Islamitiese lande en die regte en vryhede van Moslems in Westerse lande. Konkreet stel hy twee maatreëls voor: (1) Die bou van moskeë in Westerse lande moet verbied word tot tyd en wyl die bou van kerke in Islamitiese lande toegestaan word. (2) As daar 'n kerkgebou in 'n Islamitiese land verwoes word, moet daar 'n moskee in 'n Westerse land tydelik gesluit word totdat die betrokke kerkgebou weer herstel is.

In hoeverre hierdie voorstelle vanuit 'n politiese perspektief realisties is, is 'n ope vraag. Maar dit is goed dat die aandag op die Islam se ingewortelde veroweringsdrang gevestig word. Die aanslae op die Twin Towers in New York het byna die effek gehad dat die Weste wakker geskud is uit sy drome, maar daarna is almal weer gou-gou in slaap gesus deur die ver-sekering dat Moslems "nie almal so is nie". Ongelukkig is die basiese probleem nog nie raakgesien nie, naamlik dat die Islam as sodanig wel "so" is.

Bronne:

- *Jan AB Jongeneel, Islamitisch imperialisme. Artikel in* Ellips*, Tijdschrift van de Evange-lische Hogeschool, Maart 2002.*
- *Warren Larsen, How Islam Sees Itself. Artikel in* Evan-gelical Missions Quarterly*, Oktober 2002.* ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

CALVYN VIR VANDAG – dagstukke, saamgestel en vertaal deur prof FJM Potgieter. 'n Dagboek wat deur baie mense met vrug gebruik is! Twee (tweedehandse) kopieë beskikbaar teen R75 elk.

Nr 57 in die 'WOORD EN WERELD'-reeks: JONG MAAR WAKKER is 'n verklaring van die Heidelbergse Kategismus vir kinders, geskryf deur mev J Wiskerke-van Dooren. 'n Uiters geskikte hulpmiddel vir ouers (en onderwysers!) om aan die jonger kinders die rykdom van die HK oor te dra. 88 bl. R67,60

TIJD VOOR DE EEUWIGHEID is die tweede boek van die hand van prof dr ir Ad Vlot, wat op 15 Mei 2001 by die Tegniese Universiteit van Delft benoem is tot professor Lug- en Ruimtevaarttegniek, daarby aan die VU in Amsterdam sy doktoraal filosofie behaal het, en op 18 April 2002 oorlede is na 'n siekbed van 'n paar maande.
'n Interessante boek oor die etiek van die tegniek. Ad Vlot het laat sien dat die tegniek 'n afgod kan word indien ons nie op die ewigheid gerig bly nie!
164 bl. R127

HANDBOEK BYBELSE GESKIEDENIS –
Ou Testament (KROEZE) 3x
Nuwe Testament (Groenewald) 1x
Tweedehands – in voorraad.

Wie ken nie die 'KAMPER MANNENKOOR" olv Klaas Jan Mulder nie?
CD 1162432: Populair Koorconcert met gedeeltes uit opera's (Parelvissers, Il Trovatore), Cent mille chansons, Climb every mountain, en meer.

ERNSTIGE SPANNING IN "DE GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND (VRIJGEMAAKT)"

Dr. FJ Bijzet

RONDOM DIE KERK BUITELAND

Die oomblik dat ek hierdie artikel skryf (einde Julie 2003), dreig daar 'n skeuring in "De Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt)". In die tydskrif *Reformanda* van 16 Julie 2003 skryf dr. P Van Gurp "dat de Gereformeerde Kerken niet langer als ware kerk kunnen worden aangemerkt." En die *Nederlands Dagblad* laat op 22 Julie weet dat daar klaar lidmate is wat oorweeg om hulleself aan die kerk te onttrek, of wat dit alreeds gedoen het. Party van hulle het by 'n ander kerkgemeenskap aangesluit, ander hou voorlopig eredienste by die huis.

Elkeen sal verstaan dat dit 'n baie ernstige situasie is wat ook die kerke in Suid-Afrika raak. Indien dit tot 'n kerkskeuring in Nederland sou kom is die kerke in Suid-Afrika immers gedwing om te kies met watter kerke hulle die kontakte moet voortsit.

Hierdie artikel is 'n poging om die situasie waarin die Nederlandse kerke hulle bevind te verduidelik.

KOMMERWEKKENDE ONTWIKKELINGE

Daar is onteenseglik kommerwekkende ontwikkelings in die kerke. By heelparty kerklidmate sien mens 'n skrikbarende verwêreldliking. Die uitgaanslewe van die kerkjeug verskil dikwels maar min van die ongelowige jeug. Owerspel en egskeiding vind baie meer dikwels plaas as vroeër. Al hoe meer lidmate versuim die aanddienste.

Maar ook onder die voorgangers gebeur daar dinge wat 'n mens verontrus: daar is leraars wat onseker geraak het oor die gemeenskaplike belydenis van die kerke. Verlede jaar het één van daardie predikante onder 'n skuilnaam, 'Henk Jasperse', in die *Nederlands Dagblad* o.a. geskryf: "Vertel me oude gereformeerde waarheden, en ik verveel me". Sy geloof het 'n lappieskombers geword van sake wat hy uit allerhande bronne bymekaargeskraap het.

'n Enkele maal word daar uitlatings gedoen oor die Gereformeerde belydenisskrifte, bv. met betrekking tot die belydenis oor God se voorsienigheid, wat 'n mens van 'n Gereformeerde teoloog nie sou verwag nie.

Party predikante voel hulleself aangetrek tot die Charismatiese Beweging wat baie nadruk lê op die werk van die Heilige Gees. Tydens 'n konferensie het 'n gereformeerde predikant gesê hy dink ons moet onsself meer toelê op die besondere gawes van die Gees soos tongetaal. En hy het vertel dat hy homself onlangs die hande laat oplê het, met as gevolg dat hy daarna skielik baie beter kon funksioneer.

'n Studentepastor in Zwolle en 'n teologiese student het saamgewerk aan die oprigting van 'n interkerklike Jeugkerk: "God Fashion", wat nie 'n kerkraad het nie, en waar ook nie-gereformeerde leraars kan voorgaan.

Daar is kerkrade wat die gemeenskaplike afsprake met betrekking tot die liturgie nie meer nakom nie maar allerhande eksperimente in die erediens toelaat. En heelparty kerke loods evangelisasie-aksies saam met kerkgemeenskappe wat hoegenaamd nie gereformeerd is nie.

Hierdie en ander ontwikkelings veroorsaak myns insiens tereg baie onrus in "De Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt)". En die waarskuwings daarteen is heeltemal op sy plek.

KRUISPAD?

Veral die tydskrif *Reformanda* (met die onderskrif: *Ecclesia Reformata Semper Reformanda,* dit wil sê: 'n Gereformeerde Kerk moet haarself aanhoudend reformeer) gee weekliks uiting aan verontrusting oor alles wat in die Nederlandse kerke aangaan. En dikwels klink daar 'n teregte waarskuwing. Maar ongelukkig het die redakteure en medewerkers van hierdie tydskrif sake op 'n onnodige en selfs verkeerde manier op die spits begin dryf.

Voordat die Algemene Sinode van Zuidhorn 2002 gehou sou word het hulle 'n aantal sake aangewys waaroor die sinode volgens hulle siening afkeurende uitsprake sou moes doen. Indien dit nie sou gebeur nie, sou dit beteken dat die kerke definitief die gereformeerde spoor verlaat en valse kerke geword het!

Daar is 'n brosjure uitgegee met die titel *OM TROUW TE ZIJN, de komende generale synode te Zuidhorn: kerken op een kruispunt*. Na my stellige oortuiging is in hierdie brosjure egter gefokus op sake wat *nie* baie duidelike bewyse van verval in die kerk is nie.

'n Voorbeeld daarvan is die uitspraak wat die Algemene Sinode van Leusden 1999 gedoen het in 'n appèlsaak teen 'n preek van 'n predikant oor die Vierde Gebod. 'n Ander voorbeeld is liturgiese variasies wat daardie sinode moontlik gemaak het, soos 'n alternatiewe Nagmaalsformulier en meer gesange. Ek sal netnou daarop terugkom. Deur middel van voorbeeldbriewe is die lesers van bogenoemde brosjure aangespoor om die sinode van Zuidhorn tot die gewenste uitsprake te probeer beweeg.

OPROEP TOT REFORMASIE

Die sinode van Zuidhorn 2003 het egter nie die uitsprake gedoen wat die redakteure en lesers van die

tydskrif *Reformanda* wou gehad het nie. Al die briewe wat ingekom het is wel ernstig oorweeg en bespreek. Maar in die meeste gevalle kon die sinode nie die gevraagde uitsprake doen nie.

Dit is om dié rede dat daar vroeg hierdie jaar 'n tweede brosjure verskyn het: *LATEN WIJ ONS BEKEREN, de gereformeerde kerken na "Zuidhorn": een oproep tot reformatie.* Terselfdertyd is daar deur 40 broeders en susters 'n groot advertensie in die *Nederlands Dagblad* geplaas met die opskrif *Oproep tot reformatie,* waarin al die lidmate van die kerk gevra is om hulle kerkrade op te roep om 'n aantal uitsprake van die sinode van Zuidhorn te verwerp. Aan die *Reformanda* lesers is voorbeeldbriewe beskikbaar gestel. In daardie briewe is die kerkrade selfs opgeroep om binne ses weke tot verwerping van die sinodebesluite te kom.

LIGVAARDIGE VEROORDELINGS

Daar het op hierdie 'Oproep tot reformasie' talle verontwaardigde reaksies gekom. Ook – en dit is opmerklik – van predikante wat op heelwat punte die kommer van die tydskrif *Reformanda* deel. Ja, selfs binne die geledere van *Reformanda* het daar na aanleiding van hierdie 'Oproep tot reformasie' verdeeldheid ontstaan. Die gemeenskaplike verontwaardiging is veral gemik teen die onwelwillende interpretasies en ligvaardige veroordeling wat van die uitsprake van die sinode van Zuidhorn gegee word. Daar word eers karikature geteken van wat die sinode uitgespreek het, en vervolgens word geroep dat die kerke die gereformeerde spoor geheel en al verlaat het.

Kom ek noem 'n paar voorbeelde:

SONDAGSRUS

Insake die appèlsaak teen 'n preek oor die Vierde Gebod moes sowel die sinode van Leusden 1999 as die sinode van Zuidhorn 2002 vasstel dat daar in die gereformeerde kerke reeds vanaf die Sinode van Dordrecht 1618/19 twee sienings langs mekaar bestaan het met betrekking tot die invulling van die rusdag. Nie almal was steeds bewus daarvan nie, dog die feite toon dit aan. Om 'n voorbeeld te noem: 'n Geliefde en geëerde leraar soos ds Douwe van Dijk van Groningen (1887-1985) het omtrent dieselfde geleer as die predikant wat tans aangekla is.

Boonop het dié wat glo dat die Sondag ook in die nuwe verbond soos 'n sabbat gevier moet word, onderling van mening verskil hoedat in ons samelewing aan daardie rus gestalte gegee moet word. Daarom sou dit nie regverdig wees om nou skielik 'n predikant wat één van daardie twee sienings



Ds. FJ Bijzet

gepropageer het, te veroordeel nie. Veral nie omdat hierdie predikant hoegenaamd nie die Vierde Gebod wil afskaf nie.

Die sinode van Zuidhorn het dit egter nie by hierdie konstatering gelaat nie. Daar is 'n studiedeputaatskap ingestel wat die onderhouding van God se Vierde Gebod in die kerke moet veiligstel en moet probeer om die nie-opgeloste dilemma van twee sienings langs mekaar te oorwin.

Terwyl die sinode dus verwys na 'n *eeue-oue* situasie, word in die 'Oproep' hierdie uitsprake egter so weergegee asof die sinode 'n *nuwe* situasie geskep het waarin daar voortaan (!) twee sienings langs mekaar gerespekteer moet word. "Hierdoor kreeg de leugen een wettige plaats ten koste van de waarheid en werd eigenwilligheid in de dienst aan de HERE toegelaten".

EGSKEIDING

'n Deputaatskap wat ingestel was om al die vrae met betrekking tot egskeiding en hertroue te bestudeer het 'n lywige rapport op die tafel van die sinode van Zuidhorn gelê. Aan die één kant was hierdie deputate baie radikaal in hulle oproep om Christus na te volg en jouself te verloën. Aan die ander kant het deputate met 'n beroep op 1 Korintiërs 7 geskryf dat die kerk in uitsonderlike gevalle, vanweë die hardheid van ons hart, moet toelaat dat daar van God se gebooie afgewyk word. En dat daar nie in alle gevalle tug geoefen kan word wanneer dit tot 'n ongeoorloofde egskeiding gekom het nie.

Die sinode van Zuidhorn het, ten spyte van waardering wat daar beslis was, hierdie deputaterapport nie sommer aanvaar nie. Veral die eksegese van 1 Kor 7 en die hoofstuk oor die tugtoepassing het ernstige besware opgeroep. Die sinode het tot die konklusie gekom dat die kerke eers meer diepgaande daardie sake moet bestudeer. Daarom is die deputate opgedra om 'n korter weergawe van hulle rapport aan die kerke te voorsien, waarin die kritiek wat tydens die bespreking in die sinode reeds na vore gebring is, verwerk moes word. En by die kerke is daarop aangedring om goeie aandag aan hierdie rapport te gee en betyds voor die volgende sinode te reageer.

In die 'Oproep' skryf die verontruste broeders en susters egter dat die sinode al klaar deur middel van die rapport 'n ongeoorloofde Skrifuitleg in die kerke ingevoer het, waarby die gemeente soms mag afwyk van 'n duidelike gebod van die Here. Dit is 'n ligvaardige en onbillike veroordeling. Dit is nou juis wat die sinode nog níe gedoen het nie!

NIE VOLMAAK NIE, WEL GEREFORMEERD

Dit sou te ver voer om in hierdie een artikel al die sinodebesluite te bespreek. Ek hoop u sal van my

aanvaar, op grond van bostaande twee voorbeelde, dat 'n mens ook te vinnig verreikende veroordelings kan uitspreek aan die adres van 'n sinode.

Die werk van die sinode van Zuidhorn 2002 was regtig nie volmaak nie. Ek was self 'n afgevaardigde na hierdie sinode en was ook nie met elke besluit ewe gelukkig nie. Dié wat al die besluite van hierdie sinode egter billik probeer beoordeel, moet tot die gevolgtrekking kom dat die sinode in omtrent alle sake probeer het om aan die een kant in die gereformeerde spoor te bly en aan die ander kant weë te vind om al die kerke en hulle lidmate in hierdie spoor vas te hou.

KAMPEN

Behalwe die besluitvorming deur die sinode het *Reformanda* ook die Teologiese Universiteit in Kampen as 'n duidelike voorbeeld van deformasie in die kerke gebrandmerk. Met name publikasies van dr. ALTh De Bruijne in die boek *Woord op Schrift* is beskou as bewyse dat daar in Kampen Skrifkritiek toegelaat word. Te meer omdat die kuratore dr De Bruijne in beskerming geneem het.

Die Kuratorium van die Universiteit het egter meer as een keer die publikasies van dr De Bruijne deeglik ondersoek en tot die slotsom gekom dat hierdie dosent weliswaar deur party formulerings vrae opgeroep het, maar beslis nie verwyt kan word dat hy Skrifkritiek beoefen nie. En ewe min dat hy sou leer dat 'n Christen nie aan God se gebooie sou gebind wees nie, maar 'slegs' tot navolging van Christus geroep is. Hierdie teenstelling doen onreg aan dit wat De Bruijne betoog het: hy het juis daarop aangedring dat ons nie 'slegs' God se gebooie 'noodgedwonge' moet gehoorsaam nie, maar dat ons dit moet doen in hartlike navolging van Christus. Sodat ons in party gevalle bereid moet wees om méér te offer as wat die gebod strenggesproke van ons vra!

Inmiddels het De Bruijne in 'n aantal artikels in die weekblad *De Reformatie* gereageer op die kritiek wat daar op sy publikasies gekom het. Daarin het hy onomwonde laat blyk dat hy heeltemal en radikaal gereformeerd is.

NIE MEER WARE KERK?

Ondanks weerleggings van die verreikende veroordelings deur *Reformanda* het dr P van Gurp in sy blad inmiddels tot die slotsom gekom dat daar aan die 'Oproep tot reformasie' geen gehoor gegee is nie. "Over de hele breedte van de kerk wordt geweigerd te verwerpen alles wat in strijd is met het zuivere Woord van God. Daarom kunnen we niet anders dan nu temeer concluderen dat de Gereformeerde Kerken niet langer als ware kerk kunnen worden aangemerkt."

REGDEUR DIE EEUE

Ek hoop met my hele hart dat wanneer u hierdie artikel lees daar nie alreeds 'n skeur in die Nederlandse kerke gekom het nie! Dit lyk egter asof die broeders en susters van *Reformanda* in 'n beweging gekom het waarin hulle onvermydelik van die een konsekwensie in die ander gedwing word. Hulle is na hul oortuiging klaar verby die kruispad. En daar is nie 'n pad terug nie.

Nogmaals: by hulle verontrusting oor heelparty sake in die kerke het hulle reg van spreke. Daar is meer as een rede om bekommerd te wees oor sommige ontwikkelings. Hulle is ook nie die enigstes wat verontrus is nie. Sake word egter sterk oordryf indien die kerke nou alreeds as valse kerke bestempel word.

Ons behoort bewus te wees daarvan dat daar regdeur die eeue kommerwekkende verskynsels in Christus se kerk voorgekom het. Die Gereformeerde Kerken in Nederland, wat hulle in 1944/45 vrygemaak het van dwalings, het in daardie jare, en veral na die kerkstryd rondom 1967, 'n periode geken waarin daar in hoë mate 'n eenheid en eensgesindheid onder die lidmate en predikante was. En die kerke wat deur emigrasie in Suid-Afrika, Kanada en Australië ontstaan het, het 'n ooreenstemmende groot eensgesindheid in allerhande sake geken. Die ouer broers en susters onder ons, waaronder ek myself ook reken, mog dankbaar daarvan geniet.

Maar wanneer 'n mens hierdie betreklike kort periode vergelyk met die hele kerkgeskiedenis, was die rus en eensgesindheid eerder 'n uitsondering as 'n reël. Daar was in die kerk altyd stryd en struweling. En so sal dit aanhou totdat ons Here Jesus Christus na die aarde terugkeer en sy bruid van al haar sondes verlos.

Daarmee praat ek die kommerwekkende verskynsels beslis nie goed nie! En die kerk het ook die roeping om daarteen te stry. Inderdaad: Ecclesia Reformata Semper Reformanda. 'n Gereformeerde kerk moet haarself inderdaad aanhoudend reformeer.

Ons moet egter nie al te vinnig 'n kerk as valse kerk bestempel nie. Die konklusie van *Reformanda* dat die kerke in Nederland "over de hele breedte" (!) weier om te verwerp "alles (!) wat in strijd is met het zuivere Woord van God", doen geheel en al onreg aan die werklikheid. Teenoor party kommerwekkende ontwikkelinge kan daar ook talle verblydende sake oor die kerke in Nederland genoem word.

SUID-AFRIKA

Hoe maak 'n mens in Suid-Afrika as jy hoor van dit wat in Nederland aangaan? Die eerste is: moenie ligvaardig oordeel nie! Moenie jou net deur een tydskrif laat voorlig nie, maar probeer om soveel inligting as moontlik te kry.

Die tweede is: ken jouself as 'n sondige mens! Weet dat ook jy sommer kan dwaal en sake in die kerk indra waarvan jy oortuig is dat jy die Here daarmee dien, maar wat dit inderwaarheid nie doen nie. Dit maak 'n mens toegéwend in jou beoordeling van jou broers en susters.

Die derde is: bid baie vir jou eie kerke en vir die buitelandse susterkerke. Bid dat die Here deur sy Heilige Gees betyds die oë sal oopmaak vir dwalings en vir slaplê, maar eweseer vir ligvaardige veroordelings en 'n verkeerde ywer.

Kyrië Eleïson: Heer, ontferm U!

TUSSEN BARMEN EN AMSTERDAM

Dr. JW Meijer

KERKGESKIEDENIS

Op Vrydag 6 Junie 2003 het dr. George Harinck met 'n openbare rede onder bogenoemde titel, sy amp as hoogleraar aan die Teologiese Universiteit in Kampen aanvaar. Dr. Harinck is, naas ander werksaamhede, direkteur van die Argief- en Dokumentasiesentrum van ons susterkerke in Nederland. Hy sal aan die Teologiese Universiteit die bestudering van die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in die konteks van die Nederlandse Protestantisme bevorder. In baie opsigte was die inougurasie 'n besondere gebeurtenis. Die feit self asook die plek waar dit plaasgevind het en die onderwerp wat bespreek is, was sake wat bo die gewone uitgegaan het.

DIE BENOEMING

Dr. Harinck is geen teoloog nie maar 'n historikus. En tog is hy nou hoogleraar aan die Teologiese Universiteit. Dit het al dikwels voorgekom dat nie-teoloë as spesialiste in sekere taalwetenskappe of ander vakgebiede wat hulpwetenskappe van die teologie genoem kan word, as dosente aangestel is. Is daar egter aan hierdie universiteit 'n sodanige behoefte aan die beoefening van die geskiedeniswetenskap dat 'n hoogleraar met besondere opdrag daarvoor aangestel word?

Die antwoord op die vraag vind ons in die visie wat aan die Teologiese Opleiding in Kampen ten grondslag lê. Die naamsverandering van Teologiese Hoërskool na Teologiese Universiteit (T.U.) was nie net die gevolg van die Nederlandse wetgewing nie, maar druk ook 'n bewuste keuse uit om 'n akademiese opleiding te wees waar die teologie in al sy fasette as wetenskap beoefen word. 'n Ander keuse kon gewees het om van die skool 'n teologiese seminarie te maak vir die opleiding van predikante. Die keuse om 'n teologiese universiteit te wees, skep verpligtings. Een daarvan is dat wetenskaplike navorsing oor 'n breë spektrum moontlik moet wees en bevorder moet word. Met die benoeming van dr. Harinck word hierdie moontlikhede aan die universiteit uitgebrei.

DIE WERK

Dit alles kan vir dr. Harinck, nou professor, persoonlik en vir hulle wat die verhoging van die standaard en aansien van die T.U. as akademiese instelling wil bevorder, van betekenis wees. Maar beteken dit ook iets vir ons in Suid-Afrika dat ons aan hierdie gebeurtenis in Kompas aandag gee?

In die studiegebied wat prof. Harinck verder moet ontsluit is twee elemente geformuleer: die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke en tweedens die konteks van die Nederlandse Protestantisme. Daarmee word erkenning gegee aan die feit dat die geskiedenis van kerke nie in 'n vakuum plaasvind nie. Kerkhistoriese gebeure het altyd in 'n wisselwerking met allerlei fasette plaasgevind. Politieke, maatskaplike en ekonomiese sake het hulle impak gehad op die geskiedenis van die kerke. Maar die kerke self het ook invloed op die samelewing uitgeoefen.

In 'n vraaggesprek met die Nederlandse Dagblad het Harinck op die vraag wat 'n historikus nou eintlik aan 'n teologiese instelling moet doen, op 'n baie belangwekkende punt gewys. Hy het dit min of meer soos volg gestel: 'n historikus wil rekonstrueer en verklaar, 'n teoloog wil beoordeel. Dit is dus nie voldoende om vas te stel wie bv. in 'n kerklike konflik gelyk gehad het nie, alles wat op die gang van sake invloed uitgeoefen het, moet in die

Prof. K. Schilder

rekonstruksie sy plek kry en bydra aan die verklaring.

Ook wanneer ons na ons eie onlangse kerkgeskiedenis kyk, moet ons ons nie net beperk tot die vraag of iets reg of verkeerd was nie, ons moet ook kyk na die hele ontwikkeling in samehang met die konteks. Daarby help dit baie as jy met die oë van 'n ander na jou eie geskiedenis kyk. Dit vra as 't ware 'n ekstroverte instelling en bereidheid om opnuut na vertroude gebeurtenisse te kyk in teenstelling tot 'n introverte houding wat aan die sogenaamde saakgeregtigheid van 'n bepaalde standpunt genoeg het.

Hoewel daar al baie in hierdie opsig gedoen is, is daar nog talle gebiede van veral die jonger kerkgeskiedenis wat as braakland beskou kan word. Dit is prof. Harinck se taak om hierdie veld te ontgin en studente en navorsers te stimuleer en te begelei. Hoewel hy nie primêr 'n doseeropdrag het nie, is dit wel die bedoeling dat hy lesings sal aanbied in die kader van die moderne kerkgeskiedenis.

DIE PLEK

Die openbare ampsaanvaarding het plaasgevind in die Burgwalkerk in Kampen. Die keuse was nie gebaseer op die argitektoniese kwaliteite van hierdie gebou nie – hieroor het ek, staande in die tou van gelukwensers, 'n interessante uiteensetting gehoor. Nee, dit was dieselfde kerkgebou waar eens dr. K Schilder sy amp as hoogleraar

aan die Teologiese Hoërskool aanvaar het. Hierin steek 'n mooi simboliek. Wie van die nuutste tye van die Gereformeerde Kerke sy studieveld maak, sal ongetwyfeld oor die persoon, werk, optrede en invloed van Schilder moet besin en dit in die konteks van sy tyd plaas. Dit sal met kritiese vrae gepaard gaan, dit is nou eenmaal die wese van alle wetenskapbeoefening, maar dit neem nie weg dat jy sterk met die persoon verbonde voel en die verbondenheid ook wil wys nie.

DIE REDE

Die bewuste simboliek in die keuse van plek was dié dag te meer van belang omdat die openbare lesing van Harinck gehandel het oor Barth en Schilder en hulle opstelling teenoor die nasionaal- sosialisme van Hitler. Vir hierdie doel is twee spesifieke gebeurtenisse, waarop die twee geleerdes 'n stempel afgedruk het, uitgelig. Dit was eerstens die opstelling van die sogenaamde 'Barmer Thesen' in 1934 en Karl Barth se invloed daarop en tweedens die uitspraak van die gereformeerde sinode van 1936 oor die lidmaatskap van die NSB – die Nederlandse nasionaal-sosialistiese beweging – en die standpunt van Klaas Schilder in hierdie verband.

Met name die 'Barmer Thesen' het 'n simbool geword van verset van die Duitse 'Bekennende Kirche" teen die nazisme. Verskeie kerke het die dokument as belydenis aanvaar, soos bv. ook die Protestantse kerk in Nederland, wat teen die einde van hierdie jaar uit 'n fusie van die *synodaal-Gereformeerde Kerken* en die *Hervormde Kerken* moet ontstaan.

In sy rede gee Harinck baie aandag aan die omstandighede in die tyd van die Barmer sinode. Dit is nie voldoende om net die teks van die uitspraak van Barmen te weeg nie, dit moet gelees word in sy konteks. Dan blyk dit dat daar eintlik nie sprake is van 'n duidelike en prinsipiële verset teen die anti-Christelike karakter van die nasionaal-sosialisme nie. Dit was veeleer 'n poging om die invloed van die totalitêre staat op die kerk af te wys.

So ook word die duidelike uitspraak van die Amsterdamse sinode oor die lidmaatskap van die NSB en 'n aanverwante beweging beskou. Hierdie uitspraak is duidelik antiteties. Maar, vra Harinck, as Barmen te min gesê het, het Amsterdam dan nie dalk te veel gesê nie?

Dit mag dalk lyk of die onderwerp slegs van akademiese waarde is. Die tye en magte van die dertiger jare van die vorige eeu is met die einde van die Tweede Wêreldoorlog, en daarna met die einde van die Koue Oorlog, iets van die verlede. Dit is waar, maar die geestelike stryd gaan voort en elke generasie word opnuut geroep om standpunt in te neem. Daarby kan die kennis van die verlede help, maar dan moet dit nie 'n klakkelose naspreek – of erger nog na-aap – van die verlede wees nie. Ons sal eers uit die verlede leer wanneer die standpunte en dade van mense in hul (kultuur)historiese konteks verstaan word.

DIE REAKSIES

Die benoeming van prof. Harinck staan duidelik in die teken van die akademiese aandag vir die teologiese opleiding. Hy het met sy eerste optrede duidelik die toon aangegee vir wat hy as sy werk en taak sien. Dit is waardevol en het ook dadelik reaksies uitgelok. Dat daar kritiek gekom het, is baie positief. Dit wys ook dat sowel teoloë as historici kennis geneem het van die ontwikkelinge aan die T.U. in Kampen. Ook die groot opkoms by die openbare lesing was 'n duidelike bewys daarvan. Die diskussie oor die sake wat Harinck aangeroer het, sal nog lank genoeg aangaan, die vakansietyd in Nederland speel daarby ook 'n rol. En ongetwyfeld sal Harinck ook op die kritiek reageer. Dit is van groot betekenis dat hierdie gesprek lewendig bly en dat dit mense sal aktiveer om bewus met die eie onlangse verlede besig te wees. En het iemand nie 'n slag beweer dat geskiedenis 'n diskussie sonder einde is nie?

SUID-AFRIKA

Het ons in Suid-Afrika enige belang by hierdie saak? Ons weet dat die nuwe professor baie belang stel in die geskiedenis van die Nederlandse emigrante in die agtiende en negentiende eeu. Die kerklike ontwikkelinge in die VSA en Kanada, in Australië en Suid-Afrika het sy aandag. Dalk kan ons verwag dat ook in hierdie verband mettertyd navorsing gedoen sal word.

Tog gaan die betekenis vir ons baie verder as hierdie bykans oppervlakkige voordeel. In navolging van Nederland, kan ons ons in Suid-Afrika ook meer intensief besig hou met ons eie verlede. Ons moet nie afskeid neem van wat die vorige generasies gedoen het nie, asof dit alles vir ons van geen betekenis is nie. Inteendeel, ons sal veel meer van ons eie kerklike verlede moet bestudeer. Maar dan moet ons ons nie beperk tot die vraag of iets goed of verkeerd was, dus slegs 'n teologiese standpunt inneem nie, ons sal veel breër moet kyk en alle invloede en gevolge moet probeer ontleed.

Moenie dink dat dit net die behoefte van 'n historikus is nie, dit het betekenis vir elke meelewende kerklidmaat. Slegs wanneer ons ons eie verlede regtig verstaan sal ons die hede kan evalueer en ook 'n visie op die toekoms kan ontwikkel. Dan besef ons weer eens te meer dat ons slegs skakels is in 'n lang ketting. Dan sien ons ook die werk van die Gees wat dwarsdeur menslike gebreke die kerk vergader en onderhou. Dan vat ons weer moed vir die toekoms en gaan ons met ywer en verstand aan die werk. Dan weier ons om ons kerklike lewe te laat opgaan in 'n reeks ad hoc-besluite en ontwikkelings, want ons het weer gesien dat dit deel is van 'n groter geheel. ¤

OM OP DIE NET TE “SURF”

Dr. J. Visscher

AKTUEEL

Die titel van hierdie artikel mag sommige lesers verwar, maar ek is seker dat baie van julle dit onmiddellik sal herken. Die term het spesifiek met die Internet te doen. Meer algemeen het dit ook te doen met die wêreld van rekenaars en moderne kommunikasie. As ‘n persoon ‘n rekenaar het wat deur ‘n telefoonlyn of ‘n satellietverbinding aan die wêreldwye web verbind is, kan daardie persoon begin om op elektroniese golwe te “surf” of te ry. Hy of sy het die middele tot hulle beskikking om met mense van oor die hele wêreld te kommunikeer.

KITSKOMMUNIKASIE

As jy byvoorbeeld nie vandag lus voel om met pen en papier ‘n brief aan ‘n verlangse familielid of vriend te skryf nie, ‘n brief wat boonop teen ‘n sekere koste gepos moet word en waarop dae of weke gewag moet word vir ‘n antwoord, is daar ‘n alternatief. Jy kan agter jou rekenaar sit, ‘n brief op jou sleutelbord intik, ‘n knoppie druk en in ‘n oogwink is die brief versend en aan die ander kant van die wêreld ontvang. Dit mag wees dat jy ook nog foto’s saam met die brief wil stuur. Geen probleem nie. Neem ‘n paar foto’s met jou digitale kamera, laai dit elektronies op jou rekenaar en na ‘n paar klikke met jou muis is hulle op pad.

Of dalk wil jy kontak behou met vriende of familie wat op verskillende plekke in die wêreld woon, maar die tyd is te min en posgeld beperkend. Ook dit is ‘n onbenullige probleem. Skryf net jou brief op die rekenaar, heg jou foto’s aan en stuur dit op een slag na soveel mense as wat jy wil. Dis so eenvoudig.

SOEKTOGTE ORAL OOR

Ons kan nog ‘n scenario skets. Jy moet navorsing doen oor ‘n sekere onderwerp, miskien ‘n skooltaak of werksprojek. Weereens skakel jy jou rekenaar aan, konnekteer aan die web, gaan na ‘n soekenjin soos “Google”, “Altavista”, “Yahoo” e.a., tik die onderwerp in en met verstommende spoed word allerhande bronne geïdentifiseer, met toegang tot baie van hulle.

Wat hierdie inleiding demonstreer, is dat rekenaars, saam met die Internet, wonderlike geleenthede skep. Nog nooit voorheen was soveel inligting so goedkoop en so vinnig tot die beskikking van soveel mense nie!

DIE NADELE

Desnieteenstaande het elke voordeel ook ‘n nadeel. Inderdaad, net soos met byna elke menslike uitvinding, het die Internet die moontlikheid om ten goede of ten kwade gebruik te word. Die telefoon is uitgevind, en terwyl dit gesinne in staat gestel het om nouer bande te behou, het dit ook veroorsaak dat skindernuus soos ’n veldbrand versprei. Die radio het gekom en mense is aan godsdienstige-, maar ook sekulêre uitsendings blootgestel. Televisie het op die mark gekom en menslike oë het beelde ingeneem van asemrowende skoonheid, maar ook van afgryslike geweld.

So dikwels blyk dit dat daar twee kante is aan alles wat die mens uitvind.

Dieselfde geld vir die Internet. Ek het reeds ‘n aantal positiewe aspekte genoem, maar sal my plig versuim as ek nie ook ‘n aantal negatiewe aspekte noem nie. Wat is dit?

TYDVERKWISTING

Sommige sal meen dat dit nie kommerwekkend is dat sekere mense so baie tyd daaraan spandeer om op die net te “surf” nie. Dit is ‘n nuwigheid wat gou sal taan. Dit is ongetwyfeld in die meeste gevalle waar. Vir sommige mense word die stokperdjie egter ‘n verslawing. Dit blyk dat hulle baie van hulle vrye tyd vasgenael voor die sleutelbord en rekenaarskerm deurbring.

Sou ‘n mens vra wat manlief of tienerjarige seun of dogter op die net doen, kry jy verskillende antwoorde. Pa mag deel wees van ‘n gespreksgroep wat vinnige en vurige debatte voer. Boetie mag besig wees om strategiese speletjies saam met sy vriende te speel om te bepaal wie die veldslag of oorlog gaan wen. Sussie kan gekoppel wees aan een of ander kletskamer waar sy haar vriendinne vertel van die nuutste vlam in haar lewe. O, en as ons dink dat Ma nie hierby betrokke is nie, moet ons weer dink. Terloops, ek is ‘n “loerder”- ‘n term wat gebruik word om iemand te beskryf wat ‘n lid is van een of meer gespreksgroepe op die web, lees wat daarop verskyn, maar selde deelneem. Wat vir my opvallend is

wanneer ek besig is om te “loer”, en dikwels ook uit te vee, is dat sommige vroue net so bedrewe soos mans is om die internet as ‘n groot tydverkwister te gebruik.

Alles in ag genome, bring dit die vraag na vore wat mense met hulle tyd doen. Veral laat dit ‘n mens wonder of Christene wat hulle lewens op die net deurbring, reg lewe. Sekerlik beweeg dit ons as gelowiges om af en toe terug te tree en onsself af te vra wat ons doen met die geskenk van tyd wat God so goedgunstiglik aan ons geskenk het.

SWAK MANIERE

Nog ‘n probleem wat verband hou met die net is ‘n toename in swak maniere. Wat bedoel ek? Ek dink aan die feit dat sommige mense die net gebruik vir die roekelose lugting van hulle besware. Neem die geval van ‘n kerklidmaat wat aanstoot neem aan Sondag se preek. In die verlede sou hy of sy verplig gevoel het om die aanstootlike predikant gedurende die week te spreek. Nou lyk dit of dit al te dikwels gebeur dat mense na kerk ontstoke by die huis kom, agter hulle rekenaars inskuif, ‘n beswaar in die rekenaar inhamer en dit dadelik afvuur. Dis soveel makliker om stoom af te blaas teenoor ‘n metaalboks as van aangesig tot aangesig.

En wat van ons verskonings? Goeie maniere vereis dat jy iemand om verskoning vra as jy hom of haar te na gekom het. Moderne modems laat jou egter toe om ‘n flou boodskappie op ‘n baie afsydige en onpersoonlike manier via die rekenaar te stuur.

Hierdie is my raad aan alle gebruikers van die net: Let op jou maniere! Die feit dat jy hierdie nuwe uitvinding tot jou beskikking het, gee jou nie die reg om onverskillig teen iemand uit te vaar en dit dan gladweg terug te trek nie. Naastenliefde het ook elektroniese implikasies.

GEWELD

Tydverkwisting en swak maniere is egter nie die enigste nadele van die net nie; daar is ook die kwessie van geweld. Dit steek veral kop uit op die gebied van rekenaarspeletjies. Baie van die speletjies is geweldadig en sommige uiters geweldadig. Mans, en in die besonder jong mans, aktiveer sekere speletjies en put dan sadistiese genot uit die toenemende aantal mense wat hulle op die skerm doodmaak.

Natuurlik besef ek dat hierdie nie werklike moorde is nie, nogtans moet ‘n mens ernstige vrae vra oor die geestelike vlak van Christene wat genot daaruit put om denkbeeldige mense af te maai. Ontneem dit hulle nie van hulle sensitiwiteit vir geweld nie? Is dit nie, ten minste in die gees, ‘n oortreding van die sesde gebod en die oproep om ons naaste lief te hê nie?

PORNOGRAFIE

Nogtans, van al die wangebruike moet die ernstigste een nog genoem word, en dit het te doen met pornografie. Jy mag dalk die net op ‘n werklik onskuldige en eerbare manier gebruik wanneer daar skielik ‘n boodskap op jou skerm verskyn wat jou uitnooi om ‘n werf te besoek wat seksueel eksplisiet is. In ‘n oomblik van swakheid mag jy dalk “surf” waar niemand veronderstel is om te “surf” nie en beland in ‘n wêreld van wellus, verdorwenheid, wreedheid en vernedering. So maklik kan hierdie uitvindsel, wat soveel wonderlike gebruike het, ‘n instrument van die duiwel word.

As gevolg hiervan moet ons almal op ons hoede wees. As iemand in julle huishouding baie tyd op die rekenaar spandeer, moet hy of sy bereid wees om aan die ander lede van die huishouding verantwoording te doen oor wat hulle op die rekenaar doen. As daar ‘n rekenaar met Internet toegang in jou huis is, en dit is agter geslote deure, kry dit in die openbaar. As ‘n lid van die gesin dit monopoliseer, stel redelike tydgrense in. Gaan die “geskiedenis venster” af en toe na om te sien watter webwerwe deur gesinslede besoek word. Kortliks, hou mekaar aanspreeklik.

Ter opsomming, die beste standaard met betrekking tot die behoorlike gebruik van hierdie medium, net soos met so baie ander dinge in die lewe, is wat ons vind in Filippense 4:8,9. “Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.”

Dr. J. Visscher is predikant van die Canadian Reformed Church te Langley, B.C., Kanada. Die artikel het oorspronklik in ‘Clarion’ se uitgawe van 9 Mei 2003 verskyn en die Afrikaanse weergawe word met toestemming van die redaksie en die skrywer in Kompas gepubliseer. Die vertaling is gedoen deur Mariaan Hordijk. Oorname van die artikel is slegs toegestaan na goedkeuring van Clarion. ¤

DONKERBOSVERDWAAL

Bertha de Vries

BOEKBESPREKING

Nog ‘n boek oor depressie? Is daar nie al genoeg in die lewe van vandag om ‘n mens depressief te maak nie? Moet ek die boek lees? Ek is dan self so na aan ‘n depressie! Nee! Nee! Nee, sê my hart. Maar dan lees ek die epiloog. Hoekom het Sielie Laubscher hierdie boek geskrywe? En hoekom is dit, selfs onlangs, in Nederlands vertaal?

Die boek begin my al hoe meer interesseer. Tog maar lees?
Die epiloog bevestig my vrae: Wat leer ‘n mens uit die boek? Wat leer jy uit (dalk) ‘n eie “donkerbos”-ervaring waarin jy verdwaal geraak het? Uit die negatiewe kan iets positief kom. Maar nie moeiteloos, sonder worsteling, sonder inspanning nie. In elkeen van ons se lewe is daar ‘n bos. Die paradys is immers verlore… Eensaamheid is ‘n gegewe, ‘n werklikheid in elke mens se lewe. Die Spreukedigter se woorde is so reëel: Die hart ken sy eie verdriet, en in sy blydskap kan ‘n ander hom nie meng nie (Spr. 14:10).

“Elkeen van ons gaan met sy pyn, met sy eensaamheid op sy eie, uitsonderlike wyse om. Elkeen beleef dit anders, elkeen leer sy eie les daaruit… of nié! Daarom is dit onmoontlik, selfs aanmatigend, vir een mens om vir die ander een ‘n kaart in die hand te stop en te sê: ‘Volg net hierdie aanwysings, dan vind jy ‘n pad uit die bos uit.’ Hoogstens kan ons, sou ons mekaar op ons omswerwinge in die bos raak loop, mekaar se hande ‘n oomblik vashou, dalk net in die verbygaan sê: ‘Ek wéét, ek verstaan.’ Die bos maak jou opmerksaam, stel jou sintuie fyn in soos ‘n antenne om ander mense rondom jou se pyn en eensaamheid op te vang. Die bos leer jou deernis en begrip vir ander se verdwaal, vir hulle angs en onsekerheid.” (bl. 168 Epiloog).

Verder sê die skryfster: “Omdat jy in hierdie omstandighede God ook nie kan sien nie, Hom nie kan hoor nie, nie sy hand kan voel wat jou vashou nie, beleef jy dit asof Hy ook afwesig is. Jy voel van God en mens verlate. Dit is dan wanneer onbeskryflike angs en vrees jou beetpak.” En ook: “Vind jy, deur God se genade, weer eendag die huistoepad, sien jy die lig van die Vaderhuis weer tussen die bome deur wink, dan kan jy nie glo dat jy, soos Asaf sê, so dom en sonder insig was nie… So ‘n bosbeproewing verinnig jou persoonlike verhouding met God. Jou lewe kry ‘n ander, dieper dimensie…” Op ‘n ander plek: “Net jy weet hoe donker die bos was en hoe alleen en bang jy was. Net jy weet hóé glibberig die pad is wat uit die bos lei, hóé swak jy voel en onvas jou tree is. Maar net jy weet ook Wie het jou hand gevat en Wie hou dit nog steeds styf vas.” (bl. 170 Epiloog).

Ek het geen oortuiging meer nodig nie en lees die boek gretig, soos ‘n roman.

Net vir ‘n oorsig: die boek is in die volgende hoofstukke ingedeel: In die skemer - Strompelpaaie - Seerkrypaaie - In die land van donkerte - Paaie van hoop - En daar was lig! Met ‘n proloog en ’n epiloog en daar tussen deur verhale van paaie en reise van alleenmense wie se weë die pastorie gekruis het. Ja, die skryfster is ‘n pastorievrou. “Ek wil nie meer die dominee se vrou wees nie, Here. Ek wil nie meer gaaf en vriendelik en belangstellend wees nie. Ek moet net altyd daar wees vir almal, altyd beskikbaar. Ek moet ‘n luisterende oor hê, ‘n woord van troos of bemoediging of áánmoediging. Ek moet bereid wees om ure lange telefoongesprekke te voer; ek hoef nie veel te sê nie, ek moet net luister. Luister na ander se prestasies of frustrasies, na ander se hartseer of vreugde. Na huwelikspprobleme, na probleme met kinders of skoonfamilie of werksomstandighede. Luister, luister, net altyd simpatiek en begrypend luister.”

“Niemand sien my raak nie, Here, hulle sien net die dominee se vrou. Niemand vra na mý nie. Vir wie vertel ek van my probleme, van my hartseer en vertwyfeling, van my pyn? Van my ontsettende alleenwees?” (bl. 92). En dan weer: “Hoe kan ek myself vir vriendskap en liefde aanbied as ek niemand is nie? Ek wil nie meer die dominee se vrou wees nie, en ek kan na al die jare nie meer myself wees nie. Ek weet nie wie ek is nie. Here, wié is ek? Here, sê U vir my, asseblief.” (bl.93).

Soos Job, voer sy ‘n intensiewe dialoog met die Here. Maar sy kry geen antwoorde op al haar hoekom-vrae nie. Niks maak meer sin nie. Sy gaan selde meer kerk toe, want daar voel sy soos ‘n vasgekeerde dier. Sy het opgehou om Bybel te lees, en bid kan sy glad nie meer nie. Sy verdwaal al verder en die bos word al donkerder. Sy lees niks meer nie en luister nie meer na musiek nie. Sy sit net. Dink nie doelbewus aan iets nie, maar gedagtes, aanhalings, woorde tuimel soos ‘n tuimeldroër

deurmekaar in haar kop; sonder patroon, sonder logika. Meestal is dit Bybeltekste wat deur haar kop flits: Ek het gewag op lig, maar kyk, daar is duisternis… Sy slaap feitlik niks meer nie.

Moet ek die boek nog meer ontsluit? Lees self hoe hierdie soekende en verdwaalde mens met nuwe begrip, vaste belydenis en kragtige geloof weer die regte pad na die Lig vind. Maar veral, kry ‘n idee van wat ‘n depressiewe persoon beleef en leer verstaan wat ons vir mekaar kan beteken in so ‘n periode as alles donker lyk. Die uitreik en naasteliefde is tog ons opdrag? Ek wil nog net opmerk dat die skryfster ‘n goeie kennis het van die letterkunde en daardie kennis (veral van die poësie) gebruik om haar gevoelens te verwoord. Die aanhaling van gedigte of slegs flarde daarvan is baie funksioneel en verwys na ‘n besondere aanvoeling vir die geskrewe woord. Ook die ineenvlegting van die sprokiesbos van Hansie en Grietjie en die dialoog wat ‘n weergawe is van die gemoedstoestand van die skryfster en as klankbord dien, is baie insiggewend en dalk ‘n psigoanalitiese studie werd.

Hierdie boek nie ‘n geslote uitleg van die psigiese proses nie. Soms gebeur dinge ondanks alles en daarvoor het ons nie meer en nie minder die woord “genade” nodig nie. Ons mag dankbaar wees vir so ‘n boek wat ’n mens in ‘n postmoderne tyd mag lei na die Lig van die Evangeliewoord, sonder enige prekerigheid.

N.a.v. Sielie Laubscher, Donkerbosverdwaal. Belydenis van ‘n depressielyer. Cum Uitgewers, 2000, 173 bl. R54.95 ¤

Johannes Calvyn Skool te Bethal

Wilma Pouwels

VERSLAG

U het reeds in die Kerk- en Mededelingsblaaie gelees van die nuwe Gereformeerde Laer- en Hoërskool Johannes Calvyn te Bethal. Die begin van die skool was uit en uit ‘n geloofsdaad. Die opening van die skool het op 1 Augustus 2003 in die kerkgebou van Bethal plaasgevind. Ds. Pieter Nel het in sy openingstoespraak daarop gewys dat die opening van ‘n skool met net 12 leerlinge positiewe isolasie is. Ouers wat uit geloofsoortuiging gekies het om hulle kinders te isoleer. Mens isoleer jouself mos van dit wat gevaarlik of verkeerd is? ‘n Elektriese kabel word immers geïsoleer om te voorkom dat mens jouself skok! Daarom maak die ontstaan van die skool dit vir ons moontlik om ons kinders te isoleer van Godlose staatskurrikulum, verwaterde en skyn Christelikheid, sokkiejolle en ander verkeerde invloede, groot sportbyeenkomste waar net die wenner ‘n plek het. Dit wat die skool meebring is groots al is die getalle nog klein. Dit bied onderrig in die Woord van God en die belydenisgeskrifte, personeel en ouers wat vanuit dieselfde Woord onderrig en opvoed en onderlinge liefde van mense wat eensgesind is oor hulle opdrag hier op aarde. Positiewe isolasie van alles wat negatief inwerk op God se kinders.

In ‘n opvolgonderhoud met ds. Nel het meer agtergrondinligting na vore gekom:

Wat het aanleiding gegee tot die groot stap om ‘n eie skool te begin?
Ons het jare gelede ‘n “Privaatskool” begin saam met verskeie rolspelers. Die skool het egter al hoe verder weg beweeg van die gereformeerde belydenisse soos ons dit ken. Algemene Christelikheid en sekulêre strominge het begin oorheers. Oortuiginge van nie-gereformeerde oorsprong het al hoe meer ‘n plek begin kry deurdat diesulkes tot die skool toegelaat is ter wille van getalle en vrede in die skool. Met die gevolg dat die skool teen sy eie konstitusie begin draai het. Ons poging om te hou by gereformeerde norme het misluk en die situasie het vir ons so ondraaglik geword dat ons gedwing is om keuses te maak.

Waar het die kinders skoolgegaan voordat die skool begin het?
Soos reeds genoem was die meeste van die kinders in die “Privaatskool”. Twee kinders van die gemeente het uit staatskole oorgekom. Ons werk positief daaraan om ouers te oortuig van die noodsaak van gereformeerde onderwys. Dit moet as motivering dien om hulle kinders by ons skool in te skryf. Daar is ook reeds sprake van nuwe inskrywings maar dit vra baie wysheid en takt. Gereformeerde onderwys word ‘n al hoe groter noodsaak in die nuwe SA. Ek dink ons ouers verstaan dit ook so. Die hele gemeente is ook baie positief en selfs trots op die skool.

Hoe word daar verseker dat die gereformeerde karakter in die skool behoue bly?
Slegs gereformeerde personeel, dit wil sê lidmate van die VGK en die GKSA word aangestel, dieselfde geld vir die bestuur van die skool. Daarbenewens word diegene wat aansoek doen ook aan ‘n streng toelatingsbeleid onderwerp. Ek bied elke Dinsdag vir die personeel opleiding aan in die gereformeerde leer. Ons is tans besig met die implikasies van die tien gebooie op die onderwyssituasie. Kinders vanuit nie-gereformeerde ouerhuise word nie toegelaat nie. Ouers wat hulle kinders by die skool wil inskryf moet self ook gewillig en bereid wees om hulle kinders te begelei soos van gereformeerde verbondsouers vereis word. Dit beteken in die praktyk dat hulle by die plaaslike ware gereformeerde

kerk(e) moet aansluit en hulle dus moet isoleer van diegene wat nie die nek onder die juk van Christus wil buig nie (NGB Art 28-29).

Hoe sien die personeelkorps daar uit?
Ons het drie uiters bekwame en toegewyde juffrouens, wat jare se ervaring het en onder hulle uiters skaars vakke kan aanbied. Juffrou Roelofse kan wiskunde en wetenskap aanbied tot matriek en juffrou Nel rekening-kunde en bedryfsekonomie, tot matriek. Juffrou Hamman is verantwoordelik vir die preprimêre grade en het ook baie ervaring. Hulle fokus tans op die laer grade, omdat die meeste kinders rondom graad 4-8 sentreer.

Hoe skakel julle in by die reeds bestaande gereformeerde skole in die land?
Die steun wat ons ontvang van die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn in Pretoria is iets om voor dankbaar te wees. Gereformeerde lesinhoude is deurgegee. Belangstelling en ondersteuning van die personeel in alles wat ons doen, selfs besoeke van die hoofde van die gereformeerde skole in Pretoria het 'n enorme verskil gemaak. Selfs die "John Calvin" skole in Australië het betrokke geraak deur leerstof deur te stuur en die kinders het hul

Hard aan die werk in een van die goed ingerigte klaskamers

betrokkenheid getoon deur briewe te skryf. Daar word selfs gepoog om fondse te genereer wat die gate in ons begroting kan toestop! Vir ons ouers, onderwysers, kinders en ander betrokkenes was die veranderings wat 'n nuwe gereformeerde skool meebring traumaties, maar met die liefde en steun wat ons ontvang het, en steeds ontvang, was die aanpassing 'n grootse ervaring. Ons skakel ook nou in met die Laerskool Johannes Calvyn en die Gereformeerde skool Dirk Postma wat betref ons leerinhoude, kampe en onderwysopleiding.

Hoe word die finansies vir die skool bekom?
Die ouers van kinders by die skool betaal skoolgelde en ook 'n paar lede van die gemeente wat nie kinders op die skool het nie. Hierdie twee inkomstebronne dra by tot 60% van ons begroting. Die ander 40% is maar 'n risiko. Ons het al verskeie donasies ontvang waaroor ons baie dankbaar is. Verder is daar 'n lidmaat in Australië wat besig is met geld-insamelingsaksies. Enige donasie of maandelikse bydrae is daarom baie welkom.

Ek was bevoorreg om die openingsaand van die skool by te woon, om saam te kon beleef dat hierdie nuwe skool 'n gawe uit God se Vaderhand is, wat die gemeente van Bethal aangegryp het. Minister Kader Asmal het baie vreemde idees, nie net vreemd nie, ook goddeloos en humanisties. Tog is hy 'n werktuig in God se hand: om die Christene in hierdie land wakker te skud en te laat besef daar is net een uitweg om hierdie nuwe onderwysstelsel te systap en dit is eie gereformeerde skole waar die Woord van God as rigsnoer dien.

Sterkte aan die personeel in Bethal, ons bid dat hierdie skool 'n lig in Bethal mag wees! ¤

MOSLEMVROU EN SLUIER

PEILING

'n Opvallende kenmerk van die Islam is die feit dat Moslemvroue sluiers dra. Hoekom is dit so en wat is die betekenis daarvan? In die Gereformeerde Vroueblad van Mei 2003 skryf Georgina Jardim soos volg oor die kwessie:

Na die oorsprong van die praktyk van versluiering (*hijab*) in die Islam word in die meeste Islamitiese besprekings verwys as komende uit Sura (hoofstuk) 33:59:

> "*O Profeet, sê aan u eggenotes en aan u dogters en die vroue van die gelowiges dat hulle 'n gedeelte van hulle omslagdoeke oor hul hoofde moet laat hang – dit is meer fatsoenlik – sodat hulle uitgeken kan word, en nie lastig geval mag word nie…"*

In die Arabiese teks van die Qur'an

is geen spesifisering van 'hoofde' nie, maar dit word oor die algemeen gesien as 'n aanwysing om veral die hare te bedek. Die mate van bedekking word egter nêrens in die Qur'an nader aangedui nie.

Die algemene toepassing van versluiering en die afsondering van vroue het eers inslag gevind in een van die Islamitiese ryke teen die einde van die tiende eeu. In die voorafgaande tydperk lees ons van vroue in die hoër kringe wat invloed en mag in ryksaangeleenthede gehad het en selfs Arabiese vroue wat aan oorlogvoering deelgeneem het. Daar was sommige wat soldate aangevoer het en ander wat faam bereik het met digkuns, tradisie-oordrag of onderrig. Met die periode van agteruitgang van hierdie ryk het die posisie van vroue verander, soos uitgebeeld in die verhale van die Arabiese Nagte. Die gebruik van harems is gevestig en die algemene afsondering van die vroue is strenger toegepas – 'n gebruik wat die dra van 'n sluier afgedwing het.

HOE LYK HIJAB (DIE SLUIER)?

Die benaming van die volledige sluier verskil, soos ook die toepassing daarvan, van gemeenskap tot gemeenskap. En hoe jy die sluier dra, wissel van 'n kopdoek saam met moderne kleredrag tot 'n eenvormige kleed oor die hele liggaam. Daar is egter heelparty faktore wat die gebruik bepaal, byvoorbeeld die spesifieke kulturele gemeenskap waaraan die Moslem behoort.

Daar het die afgelope jaar interessante ontwikkelings plaasgevind wat die gebruik van *hijab* (sluier) as 'n simbool van identiteit bevestig. In sekulêre, Westerse lande, waar die dra van uitwendige godsdienstige tekens deur die wet verbied word, byvoorbeeld in Frankryk en Kanada, dra al hoe meer polities gematigde Moslemvroue *hijab* as 'n bevestiging van hul identiteit. Hulle is ook bereid om vervolging te verduur as gevolg daarvan. 'n Ironiese ontwikkeling is dat nie-Moslemvroue van kerk- en jeuggroepe – hoofsaaklik in Amerika – wat hulself *Veiled Solidarity* noem, ook *hijab* dra in solidariteit met Moslemvroue wat diskriminasie verduur.

In konserwatiewe Moslemlande soos Iran en Afghanistan is die toepassing van streng *hijab*-wetgewing weer besig om effens te verslap. Baie vroue in hierdie streke dra grimering saam met *hijab* of skuif die kopdoek 'n bietjie terug sodat hulle hare wys. Iran is heel moontlik die duidelikste voorbeeld van die simboliese gebruik van *hijab*. Die destydse Sjah van Iran het die dra daarvan verbied om 'n pro-Westerse beeld te bevorder. Tydens die rewolusionêre tydperk in die sewentigerjare het vroue in die voorrye van betogings marsjeer met *hijab* aan.

DIE BOODSKAP VAN VERSLUIERING

Volgens Islamiste het *hijab* ten doel om vroue se menswaardigheid te beskerm. Daar word geredeneer dat vroue op grond van hul intelligensie en vermoëns eerder as hul voorkoms beoordeel moet word (sommige Moslems sê hoe mooier die vrou, hoe meer moet sy haarself bedek). *Hijab* impliseer ook nie net die kleredrag nie, maar sluit die algemene, morele optrede van Moslems in vir sowel mans as vroue. Die etiese en morele aspekte soos vervat in die Islamgodsdiens is meer op die gemeenskap gerig as op die individu. Moslems sien dus hulle rol in die samelewing as deel van 'n gemeenskaplike geheel, waarin die regte en pligte van die individu ondergeskik is aan die welvaart van die Islamitiese gemeenskap.

Islamitiese feministe is egter oortuig dat *hijab* misbruik word deur 'n patriargale kultuur om vroue te beperk tot die huislike sfeer en as 'n regverdiging om vroue van besluitnemingsprosesse uit te sluit. Die huidige tendense in die gebruik van *hijab* dui egter op 'n ander faset. Die dra van die



sluier word deur vroue gebruik as uiterlike teken om hul onderwerping aan die wil van Allah ten toon te stel en sodoende 'n boodskap oor hul identiteit aan mede-Moslems sowel as nie-Moslems uit te dra. Dit is die rede waarom sekere Islamitiese feministe nie die dra van *hijab* teenstaan nie, maar die menseregteskendings, wat onder die dekmantel daarvan plaasvind, wel aan die kaak wil stel.

Daar vind wel vele vergrype in die Islam plaas waar vroue geminag en onderdruk word. Dit kan egter nie aan die reëls en riglyne van die Qur'an toegeskryf word nie, net soos die mishandeling van vroue in Christelike gemeenskappe nie aan die Bybel toegeskryf kan word nie.

Ons sien dus dat die dra van die sluier binne Moslemgemeenskappe godsdienstige, sosiale én politieke aspekte versinnebeeld. As jy weer 'n gesluierde Moslemvrou sien, dink dankbaar daaraan dat binne die Christelike tradisie 'n vrou se menswees volledig erken word en dat sy – ook ongesluierd – beelddraer kan wees. Die Christenvrou is vry en haar daarwees as vrou word nie ontken of geminag nie. ¤